

WOORD & DAAD

Uitgegee deur / Published by:
Die Reformatoriese Beweging van
Suider-Afrika in samewerking met die
Buro vir Wetenskaplike Tydskrifte /
The Reformational Movement of
Southern Africa in coordination with the
Bureau for Scholarly Journals

●
HERFS-UITGAWE – 2010
AUTUMN EDITION – 2010
Vol. 50 no. 411

●
REDAKTEUR /
EDITOR
Pieter Buys

●
ARTIKELREDAKTEURS /
FEATURE EDITORS
Bennie van der Walt, Michael Heyns,
Willemien du Plessis, Nico Vorster,
Leentie de Lange, Esmé van Rensburg,
Marlies Taljard, Jan Swanepoel

●
MEDEWERKENDE REDAKTEURS /
CONTRIBUTING EDITORS
Lourens du Plessis, Nic Olivier,
Attie van Niekerk, Johan Snyman,
Allan Munro, Amie van Wyk

●
BUROBESTUURDER &
TEKSVERSORGING /
BUREAU MANAGER & TEXT EDITING:
Susan Lourens
FORMATERING / FORMATTING:
Santie Lourens
Bertha Oberholzer
FINANSIES & ADMINISTRASIE /
FINANCE & ADMINISTRATION:
Erika Otto

●
Redaksionele stukke en
korrespondensie /
Editorial articles and correspondence:
Woord en Daad / Word and Action
Privaatsak / Private Bag X6001
POTCHEFSTROOM 2520
RSA

●
Tel. (018) 299-4081
Faks/Fax 086 564 7983
E-pos / e-mail:
Susan.Lourens@nwu.ac.za

●
FUNKSIONARISSE / OFFICIALS
Jan Swanepoel
(Voorsitter/Chairman REBSA / REMSA)
Amie van Wyk
(Visevoorsitter / Vice chairman
REBSA / REMSA)

●
INTEKENGELD / SUBSCRIPTION:
RSA R80 Ander / Other \$45

●
Gedruk deur / Printed by
IVYLINE Technologies,
Potchefstroom
VOORBLAD – Erika Otto
BWT



INHOUD

HOOFARTIKEL / EDITORIAL

- 1 Social responsibility's fourth bottom line
P. Buys

HULDEBLYK / TRIBUTE

- 3 Dr. Tokunboh Adeyemo (1944-2010)
E.S.A. Ayee

PRINSIPIËLE BESINNING / REFLECTION

- 4 Kerk-staatverhoudings in die 21e eeu
J.D. van der Vyver
- 9 The ethics of corporate sustainability
P. Bosman & P. Buys
- 13 Dra die nuusmedia by tot geweldpleging en misdaad?
P.G. Snyman

MENINGS EN INLIGTING / OPINIONS AND INFORMATION

- 16 Resente ontwikkelings met betrekking tot
uitkomsgebaseerde onderwys op skoolvlak
J.L. van der Walt
- 22 Die impak van sporttoerisme op die Suid-Afrikaanse
ekonomie
M. Saayman & A. Saayman
- 26 2010-Wêreldbekersokker: 'n dubbelsnydende swaard?
P. Labuschagne
- 30 Die trauma van plaasmoorde
G.A. Lotter
- 34 'n Roman uit die hart van Naspers
J.D. Froneman

REAKSIE / RESPONSE

- 37 Reaksie op A.L. Rheeder: "Die implikasie van die GKSA
se 2009-sinodebesluit rakende die vrou in die regeeramp"
D.C. Coetsee

RESENSIES / REVIEWS

Resensies verskyn op p. 8, 12, 25, 33, 36, 41-47

Die menings in WOORD EN DAAD uitgespreek, weerspieël nie noodwendig dié van die Redaksie nie. Opinions, views and conclusions published in WORD AND ACTION are those of the authors and not necessarily those of the Editorial Board.

Social responsibility's fourth bottom line

Introduction

The years leading up to the 2010 FIFA World Cup, has been characterised by many development activities, including various legacy upliftment projects stemming from the event. *Development* has indeed become the focus on many levels and is put forward as the justification for extensive capital projects. Yet, underneath this euphoria brought on by the soccer events, it seems to be (bad) business as usual – with more strike actions and instances of fraudulent practices in both the private and public sectors. Considering the reasons being put forward for the dismal state of economical affairs, one cannot but wonder about the sustainability of these development. The current crisis may very well serve to shift society's view on the legitimacy of modern business, with many stakeholders still searching for a better understanding of the factors that may have contributed to the challenges being faced by the present economy. Against the backdrop of *this* search I want to briefly consider the aspect of social responsibility in the broader context of sustainable development.

Social responsibility's triple bottom line

To enable long-term sustainability, it becomes important to balance economic prosperity, environmental quality and social well-being. What, however, do these components of the so-called triple bottom line, entail? The *economic bottom line* affects everything from employment to public services, from ensuring a skilled workforce to a productive and healthy community. The economic bottom line is therefore integrally linked with decisions that go well beyond the traditional understanding of profit and loss. The *environmental bottom line* focuses on the natural environment with a view to optimise

resource consumption and to minimise waste generation. It is therefore all about the impact of an organisation's operations on the environment. The *social bottom line* aims to enhance the interface between the organisation and society. Social performance is linked to human capital, internal and external to the organisation, which in turn is not a stand-alone entity but part of a community in partnership with many stakeholders. In the light of the above, it is important for any organisation (micro-economical perspective) and a country (macro-economical perspective) to ensure that its economic, environmental and social balance sheets are in order. However, there seems to be a more critical "fourth" bottom line missing – the ethical bottom line.

Ethical conduct codes as fourth bottom line

What seems evident in the recent corporate history is the increasing exposure of fraudulent activities. The financial crisis also demonstrated that the markets are not particularly effective in controlling unethical practices driven by greed. In explaining ethical lapses, it has been argued that in the past two to three decades, moral ambivalence has increased. A recent research paper at Harvard Business School, entitled "Was that wrong?", concludes that a decision to break an ethical rule reflects some degree of moral disengagement on the part of the perpetrator. The research also indicated that people are less likely to engage in unethical practices when they are made aware of ethical standards. Participants in this research project, who were presented with a code of conduct prior to being presented with an ethical dilemma, were significantly less likely to behave unethically. In instances when such codes were not clearly presented, participants were more willing to bend the rules and then claim that they did not realise what they were doing was wrong. In this in-

creasingly secular society, with its questionable ethical values and morals, it may therefore perhaps be possible to curb the flood of unethical and fraudulent behaviour. This may be done by continuously propagating codes of conduct, not only in the work environment and by professional institutions, but especially at university level where young minds are still being formed.

Summary

As stewards of God's creation, we need to ensure that the environment is protected, and society's needs are addressed, while also making development efforts attractive for the investors. The glue, however, that binds these together and ensures that balance between these objectives are achieved, is ethical behaviour. Since such behaviour is inherent to the human condition, it may very well be the most elusive contributory factor in ensuring sustainable development.

On this issue's menu

In this edition of *Woord en Daad/Word and Action*, the reader can look forward to a wide range of diverse reading material. Firstly, there is a tribute to Dr. Tokunboh

Adeyemo, a leading African theologian who passed away recently. On the eve of soccer world cup, it is only fitting to consider its impact on the South African landscape and its contribution to the development of the South African economy and related sustainability initiatives. In the light of the current global spotlight on South Africa, it is also fitting to consider crime (including the perceptions thereof and possible contributory factors thereto) and the relationships between the church and the state. Furthermore, as a tertiary education institution, the university is very much dependent on the quality of school leavers as a future stream of revenue. Very topical in the university context therefore are issues around school-level education and recent developments in the "outcomes based education" approach. There is also some food for thought on a new book entitled *Om na 'n wit plafon te staar* by author Jaco Kirsten. Finally there is a reaction to an earlier published article on the GKSA's 2009 synod decision on whether to allow the election of women as ecclesiastical office bearers.

P. Buys
(Issue Editor)

WOORD & DAAD op die internet! /

WORD & ACTION on the internet!

http://www.journals.co.za/ej/ejour_woord.html

Gebruikersnaam en wagwoord kan aangevra word

by:

UserID and password can be obtained from:

Erika.Otto@nwu.ac.za

Dr. Tokunboh Adeyemo (1944-2010)

Dr. Emmanuel S.A. Ayee,
Interim Dean, School of Communication & the Arts,
Regent University, Virginia, USA



And I heard a voice from heaven saying, 'Write this down: Blessed are those who die in the Lord from now on. Yes, says the Spirit, they are blessed indeed, for they will rest from their hard work; for their good deeds follow them!' (Rev. 14:13.)

Dr. Tokunboh Adeyemo a leading African theologian and Christian leader, passed away on Wednesday night 17 March, 2010 at the M.P. Shah Hospital in Nairobi, Kenya. He was the former General Secretary of the Association of Evangelicals in Africa (AEA), a position he held for 25 years (1978-2002). Until his death, he was chancellor of the newly established Africa International University, in Karen, Kenya. This university was formerly known as the Nairobi Evangelical Graduate School of Theology which was a project of the AEA. In its early years, Dr. Adeyemo headed this institution as Principal. He was also the Executive Director of the Centre for Biblical Transformation, in Nairobi, Kenya.

Tokunboh Adeyemo, the second in a family of eight children, and the oldest son, was born into a royal Muslim family in Western Nigeria. He became a Christian in 1966. He obtained the Bachelor of Theology degree from ECWA Theological Seminary, Igbaja, Nigeria; Masters of

Divinity and Theology at Talbot School of Theology at Biola University, California, USA; Doctor of Theology degree at Dallas Theological Seminary, Texas, USA; and a Doctor of Philosophy degree from the University of Aberdeen, Scotland. He also received an honorary doctorate from the Potchefstroom University for Christian Higher Education (now the North-West University) in South Africa in recognition of his outstanding scholarship.

For many years, he represented the AEA and served as chairman of the International Council of the World Evangelical Alliance (formerly World Evangelical Fellowship). Apart from his many publications, one of the major projects he undertook was serving as the general editor of the first *Africa Bible commentary* which has contributions from 70 African scholars, and was published by Zondervan.

Dr. Tokunboh Adeyemo is survived by his wife, Mrs. Ireti Adeyemo, and sons, Bamidele and Modupe.

Kerk-staatverhoudings in die 21e eeu

Johan D. van der Vyver
Skool vir Regte, Emory Universiteit, Atlanta

Die vraag wat aan my gestel is, naamlik “Het die skeiding van kerk en staat nog ’n bestaansreg in die 21e eeu?”, berus op ’n valse probleemstelling.

Die Amerikaanse model

Grondwetlike sekularisasie (die skeiding van kerk en staat en van godsdiens en die reg) is ’n fiksie van die Amerikaanse staatsreg. Die Eerste Amendement van die Amerikaanse Grondwet verbied wetgewing wat beoog om ’n bepaalde godsdiens as ’n deur die staat bevoorregte godsdiens uit te sonder (die Oprigtingsklousule), of wat die vrye beoefening van ’n godsdiens verbied (die Vrye Beoefeningsklousule). Hierdie bepaling, wat aanvanklik net vir die (sentrale) federale wetgewer gegeld het, is later ook op die state (streeksowerhede) van toepassing gemaak.

Thomas Jefferson (1743-1826) het reeds die standpunt verkondig dat daar in die Amerikaanse regstelsel ’n skeidsmuur tussen kerk en staat bestaan. Jare later het regter Black in ’n uitspraak van die Amerikaanse Hooggeregshof verklaar dat die muur “hoog en onaantasbaar” in stand gehou moet word.

Op sterkte van hierdie interpolasie van die godsdiensbepalings van die Eerste Amendement het die Amerikaanse Hooggeregshof byvoorbeeld godsdiensonderrig in openbare skole (en dit sluit terloops die skeppingsverhaal in, maar nie die verkondiging van die evolusieteorie nie) en staatsbefondsing van godsdiensverbonde opvoedkundige inrigtings verbied. Trouens, enige verbintenis wat die staat met instellings het, wat enigsins met godsdiens te make het, word as grondwetlik verdag geag.

Die Amerikaanse Hooggeregshof het die toepassing van die Oprigtingsklousule tot drie basiese beginsels herlei, naamlik wetgewing moet ’n gesekulariseerde doelwit nastreef; die primêre gevolg of hoofmerk van wetgewing mag nie die bevordering of die benadeling van enige godsdiens wees nie; en die wetgewer moet oormatige verstrengeling van die staat met godsdiens vermy.

Die eenvoudige historiese feit dat die Oprigtingsklousule eintlik maar net bestem was om die instelling van ’n staatskerk of ’n bevoorregte godsdiens te verbied, het daarby vergete geraak. In plaas daarvan dat die Vrye Beoefeningsklousule aangewend word om werklik godsdiensvryheid te bevorder, openbaar die Amerikaanse regspraak in menige opsigte ’n sekere vyandigheid teenoor godsdiens in die algemeen, veral wat die gebruik van godsdiensstige simbole en belydenisse op openbare plekke of in staatsondersteunde inrigtings betref.

In plaas daarvan dat die Vrye Beoefeningsklousule aangewend word om werklik godsdiensvryheid te bevorder, openbaar die Amerikaanse regspraak ’n vyandigheid teenoor godsdiens in die algemeen, veral godsdiensstige simbole en belydenisse op openbare plekke of in staatsondersteunde inrigtings.

Die sekulêre staat

Sekularisasie van die staat berus op 'n valse uitgangspunt, naamlik die veronderstelling dat kerk en staat, en godsdiens en die reg, in die empiriese werklikheid in afgesonderde kompartemente van mekaar geskei kan word. Dit is eenvoudig nie moontlik nie. Kerkinstellings moet ook koop en verkoop, salarisse betaal, eiendom besit en administreer, en op veel meer terreine aan die staatsgeorkestreerde regslewe deelneem. Die staat kan hom soortgelyk nie van die geloofsoortuigings en godsdienstige belewenisse van sy onderdane, en trouens van sy eie organe, afsonder nie. Menige staatlke regsreëls en regsinstellings het trouens 'n godsdienstige of kerklike oorsprong.

As dit op die letter van die wet aankom, kan 'n mens egter nouliks sê dat die skeiding van kerk en staat (of van godsdiens en die reg) geen bestaansreg meer in die 21e eeu het nie. Daar is naas die Verenigde State ook heelwat ander lande wat in hulle onderskeie grondwette die skeiding van kerk en staat voorop stel: Angola (art. 7), Brasilië (art. 19), Ethiopië (art. 46(3)), Gaboen (art. 2), Guinee-Bissau (art. 6(1)), Hongarye (art. 63(2)), Kazakstan (art. 58), die Republiek van Korea (art. 20(2)), Kuba (art. 8), Letland (art. 35), Liberië (art. 14), Macedonië (art. 19), Meksiko (art. 130), Mongolië (art. 9), Mosambiek (art. 19), die Philip-pyne (art. 6), Pole (art. 82(2)), Portugal (art. 41(4)) en Rusland (art. 14).

Sommige van dieselfde lande, maar ook andere, onderskryf nadruklik die beginsel van 'n sekulêre staat: Angola (art. 7), Benin (art. 2), Burkina Faso (art. 31), Burundi (art. 1), Tsjad (art. 1), Frankryk (art. 2), Guinee (art. 1), Guinee-Bissau (art. 1), Ghana (art. 1), Ierland (art. 44.2.2.), Indië (Voorrede), Ivoorkus (art. 2), Japan (art. 20), Kameroen (art. 1(2)), Kazakstan (Voorrede), die Kongolese Republiek (art. 1), Kirgizstan (art. 1), Madagaskar (art. 39), Mali (art. 1), Mosambiek (art. 9), Namibië (art. 1(1)), Nicaragua (art. 14), Niger (art. 6), Nigerië (art. 10), Rusland (art. 14), São Tomá en Principe (art. 1(6)), Senegal (art. 1), Togo

(art. 1), Turkye (art. 2), Turkmenistan (art. 1) en Zaire (art. 1).

Sekere lande proklameer die neutraliteit van die staat ten aansien van kerk en godsdiens: Albanië (art. 37), Australië (Voorrede en art. 116), Ierland (art. 44.2.2.), Moldawië (art. 5(2)), Paraguay (art. 24), Slowakye (art. 1) en Spanje (art. 16(3)). In hierdie gevalle word meestal met neutraliteit ook bloot sekularisasie van die staat bedoel.

'n Mens sou in elkeen van hierdie lande voorbeelde kon aanhaal wat daarop dui dat kerk en staat of godsdiens en die reg nie werklik afsonderlik van mekaar werk-saam is nie en dat daar slegs lippediens aan die sogenaamde godsdiensterigte sekularisasie van die staat bewys word. Die Russiese grondwet bely byvoorbeeld in sy Voorrede die historiese verbintenis van die staat met sekere godsdienste; slegs Christelike seremonies en geden-dae word in Liberië onderhou (ten spyte van 'n aansienlike Islamitiese bevolking in die land); die Rooms-Katolieke Kerk geniet 'n besondere bevoorregte posisie in lande soos die Kongolese Republiek en Italië; en so meer.

Soewereiniteit in eie kring

Die leerstuk van soewereiniteit van kerk en staat, soos oorspronklik deur die Duits-gebore Calvinitiese denker, Althusius (1557-1638), voorgehou en later deur Nederlandse Calvinitiese denkers soos Groen van Prinsterer (1801-1876), Abraham Kuyper (1837-1920) en Herman Dooyeweerd (1894-1977) verder uitgebou en verfyn, bly na my oortuiging die beste resep vir die regulering van kerk-staat-verhoudings.

Volgens Althusius "word alle onderskeie sosiale instellings deur hulle eie wette beheer, en daardie wette verskil in elke geval ooreenkomsig die tipiese aard van die betrokke sosiale instelling" (*Politica methodiae digesta* 1.19; 3e dr., 1614). Kerklike instellings en die staat is gelyk-waardige verbande, elk met 'n interne bevoegdheidsfeer wat die een nie aan die ander ondergeskik is of aan die ander ontleen word nie. Om dit ietwat vereen-

voudig te verwoord: die kerk oefen nie op die politieke terrein gesag uit nie en die staat mag nie op die interne terrein van die kerk inmeng nie.

Dit is nogal opvallend dat in die grondwette van verskeie lande bepalings bestaan wat met die soewereiniteitsleer versoenbaar is. Singapoer beperk die interne soewereiniteit van godsdienstige gemeenskappe tot die beheer van godsdienstige aangeleenthede (art. 15(3)); Roemenië veroorloof die organisasie van godsdienstgroepe “ooreenkomstig hulle eie statute”, maar “onder regsvoorwaardes” (art. 29(3)); Italië verleen onafhanklikheid en soewereiniteit aan die staat en (slegs) die Rooms-Katolieke Kerk, “elk binne sy eie sfeer” (art. 7); Ierland erken meer toegeeflik die reg van alle godsdienstige denominasies om hulle eie aangeleenthede te behartig (art. 44.2.5).

Dit moet egter beklemtoon word dat soewereiniteit in eie kring wesenlik van die Katolieke outonomieleer verskil. Terwyl outonome gesagsuitoefening ’n vergunning van ’n hoër gesagsliggaam binne dieselfde gemeenskapsverband veronderstel (bv. van ’n sentrale wetgewer aan ’n steeks- of plaaslike bestuursliggaam, of van ’n kerklike sinode aan plaaslike gemeentes), berus soewereine gesag by sosiale entiteite wat wesensverskillend is en nie aan mekaar ondergeskik is nie (bv. kerk en staat) Die uitoefening van daardie interne gesag kom elke sosiale entiteit uit eie reg toe.

Ingevolge die soewereiniteitsleer moet die kerk nie politieke funksies uitoefen nie en moet die staat nie kerklike leerstellings met regsvoorskrifte probeer afdwing nie.

Ingevolge die soewereiniteitsleer moet die kerk nie politieke funksies uitoefen nie en moet die staat nie kerklike leerstellings met regsvoorskrifte probeer afdwing nie. Elke staatsgemeenskap sluit onderdane

van verskillende geloofsverbande in, en ’n staatsowerheid wat byvoorbeeld tipies Christelike leerstellinge (soos Sondagheiliging) op al sy onderdane wil afdwing, begrens die nie-Christelike staatsonderdane tot tweederangse burgers. Boonop ontnem die staatsowerheid wat mense met regsdwang verplig om kerklike leerstelling te onderhou die uitlewing van daardie leerstellings van hulle geloofswaarde. Daar is ’n onderskeid tussen die gemoedsgesteldheid van persone wat uit geloofsoortuiging nie Sondae gaan fliek nie en diegene wat hulle daarvan weerhou omdat die reg dit verbied.

Die onderlinge dialektiese afhanklikheid van kerk en staat

Soewereiniteit in eie kring gaan egter hand aan hand met die enkaptiese vlegting, die onderlinge wisselwerking of simbiotiese bevrugting van wesensverskillende sosiale entiteite.

Die kerk as geloofsgemeenskap moet hom sterk uitlaat teen wette en politieke gebruike wat strydig is met basiese geloofswaardes.

Die skeiding van kerk en staat en van godsdiens en die reg is kortom ’n onding. Regsvoorskrifte van die staat behoort naamlik aan die hand van etiese en geloofsbeginsels verdiep te word. Daarvan is die beginsel van geregtigheid ’n besondere rigtinggewende norm van die regs-idee (die reg soos wat dit behoort te wees). Geregtigheid vereis onder meer gelyke regsbeskerming. Dit wil egter nie sê dat almal presies dieselfde regte en verpligtinge toebedeel moet word nie. Geregtigheid vereis dat daar tussen groepe persone wat van mekaar verskil, onderskei móét word – op voorwaarde egter dat die basis van differensiasie werklik relevant is ten aansien van die doel wat daarmee gedien word.

Die kerk is uit hoofde van sy wesenlike aard geroepe om sy stem hard en duidelik te laat hoor om die pad van geregtigheid duidelik uit te stippel en om ongeregthede te verdoem! Die kerk as geloofsgemeenskap moet hom ook sterk uitlaaten teen wette en politieke gebruike wat strydig is met basiese geloofswaardes; en omdat kerklike ampsdraers en gemeentelede ook burgers van die staat is, moet politieke owerhede toesien dat elementêre beginsels van geregtigheid in die interne gesagspraktyke van die kerk nagekom word.

Hoewel die reg om te glo, volkeregterlik en in Suid-Afrika, 'n absolute reg is, kan die openbare beoefening van geloofsoortuigings deur die staat aan bande gelê word in gevalle waar sodanige godsdienstige praktyke basiese norme van medemenslikheid geweld aandoen. Die staat mag byvoorbeeld ingryp om lewensnoodsaaklike mediese versorging van 'n kind te veroorloof in gevalle waar die ouers op geloofsgenesing aandring.

Die Suid-Afrikaanse stelsel van kerk-staatverhoudings

Suid-Afrika het reeds 'n lang paadjie geloop sedert die dae toe die wetgewer Suid-Afrika as 'n Christelike staat geproklameer het (en met daardie ietwat geveinsde etiket basiese etiese en geloofsgerigte geregtigheidsbeginsels geweld aangedoen het).

Suid-Afrika is tans nie 'n sekulêre staat nie, maar kan ten beste as 'n godsdienstig neutrale politieke instelling beskryf word.

Die Suid-Afrikaanse stelsel is tans nie op die skeiding van kerk en staat of van godsdiens en die reg gestruktureer nie. Anders gestel, Suid-Afrika is tans nie 'n sekulêre staat nie, maar kan miskien ten beste as 'n godsdienstig neutrale politieke instelling beskryf word.

Die kerk – alle kerke – het as regs persoon aanspraak op die grondwetlik beskermde regte tot die mate wat die aard van die kerke en die aard van die regte hulle daartoe leen (art. 8(4)). Die Grondwet waarborg die reg op selfbeskikking van godsdienstige gemeenskappe uit hoofde waarvan lede van sulke gemeenskappe veroorloof word om hulle onderskeie godsdiens te beoefen, om godsdienstige instellings op die been te bring en by godsdienstige instellings van hulle eie keuse aan te sluit (art. 31). Elkeen het die reg om onafhanklike onderwysinrigtings op te rig wat deur die staat gesubsidieer mag word, mits sodanige inrigtings onderwysstandaarde handhaaf wat vergelykbaar is met dié wat in die openbare onderwys gangbaar is (art. 29(3)).

Die Suid-Afrikaanse staat sonder hom daarom nie van die godsdiens af nie. Die Konstitusionele Hof het by verskeie geleenthede beklemtoon dat godsdienstige instellings en die beoefening van godsdiens vir die staat belangrik is. Regter Albie Sachs stel dit in 'n onlangse eenparige beslissing van die Konstitusionele Hof soos volg:

Godsdienstige liggame speel 'n groot en belangrike rol in die openbare lewe en op die gebied van die onderwys, gesondheidsdienste en nooddienste vir die armes. Hulle dring aan op etiese gedragspatrone van hulle lede en hou hulle oog op die uitoefening van gesag deur die staat en private instansies; hulle bevorder musiek, die kunste, en die teater; hulle voorsien geriewe vir gemeenskapsaktiwiteite en behartig 'n groot verskeidenheid sosiale dienste vir hulle lede en vir die algemene publiek. Hulle is deel van die fabriek van die openbare lewe en maak deel uit van die aktiewe komponente van die diverse en plurale bevolking wat deur die Grondwet voorsien is. Godsdiens is nie slegs 'n kwessie van geloof en dogma nie. Dit vorm deel van die volk se temperament en kultuur, en vir vele gelowiges is dit 'n betekenisvolle deel van hulle lewenswyse. Godsdienstige organisasies is belangrike sektore van die nasionale lewe en het dienooreenkomstig 'n reg om hulle uit te laat oor standpunte van die regering en die hoewe ten aansien van belangrike heersende aangeleenthede. Hulle is aktiewe deelhebbers aan openbare aan-

geleentheid en is ten volle geregtig om hulle uit te laat oor die wyse waarop die reg gevorm en uitgevoer word. (*Minister of Home Affairs v Fourie; Lesbian and Gay Equality Project v Minister of Home Affairs*, 2006 (1) SA 524 (CC).)

Die Suid-Afrikaanse Grondwet verbied daarom nie godsdiensoonderrig in openbare skole, die uitsending van kerkdienste

deur staatsondersteunde radio en televisiedienste, of godsdienstige seremonies by staatsfunksies nie. Die Grondwet vereis egter wel dat alle geloofsgemeenskappe met 'n noemenswaardige aanhang gelyke (proporsionele) geleentheid gebied moet word om aan sulke onderrigklasse, kerklike dienste of godsdienstige seremonies deel te neem.

Klopper, Braam. 2009. Wanneer woorde ontbreek: hoe om te troos in tye van groot verlies. Wellington: Lux Verbi. BM. 144 p. Prys: R129,95. ISBN: 978 07963 1044 6.

Resensent: P. Venter
Gereformeerde Kerk Potchefstroom-Oos

Braam Klopper bied sy boek oor hierdie onderwerp aan as 'n riglyn hoe om bedroefdes in tye van groot verlies by te staan. Die boek is egter ook sodanig geskryf dat dit deur bedroefdes self deurgewerk kan word in die rouproses waardeur elke mens werk na die verlies van 'n geliefde. Daar is aan die einde van elke hoofstuk 'n werksopdrag wat die leser help om die inligting wat in die hoofstuk aangebied is, te internaliseer. Op hierdie wyse word die inligting nie blote kennis nie, maar help dit die leser om die proses van rou werklik te verstaan en deur te werk.

Die boek is op die breë leserspubliek gemik, maar die stof wat hanteer word, is wetenskaplik goed onderlê en daarom kan die boek ook met goeie vrug deur professionele mense soos predikante, dokters, maatskaplike werkers en verpleegpersoneel gebruik word. In kerklike kringe sal die boek as goeie toerustingsmateriaal gebruik kan word vir omgegroepe soos byvoorbeeld 'n rougroep, selgroepe, Bybelstudiegroepe en kerkraadslede. Vir die leser wat meer wil weet oor sake wat in elke hoofstuk bespreek word, is daar 'n CD by die boek ingesluit waarin die skrywer self verdere mondelinge toerusting bied. Die boek is dus werklik waarde vir geld.

Die eerste hoofstuk handel oor die vraag "Wat behoort ek van die proses van rou te weet?" Daarna word vyf routake bespreek waardeur mense in rou moet werk, naamlik verwerk en aanvaar die realiteit van die dood; beleef die emosionele pyn van die verlies; vier die gedagtenis van die oorledene; erken en verwerk teenstrydige gevoelens; neem afskeid en lewe toekomsgerig.

Spesifieke aandag word ook geskenk aan die dood van kinders en selfmoord. Baie waardevolle inligting word gegee oor kinders en hulle perspektief op die dood. Die skrywer gooi tereg koue water op 'n hele klomp geykte gesegdes waarin mense so maklik verval wanneer hulle bedroefdes probeer troos of waarmee die dood gerasionaliseer word. Die hoofstuk oor die wil van God is baie stewig in die Skrif gefundeer en gee 'n baie gebalanseerde siening oor hoe ons die wil van God en die dood van geliefdes moet verstaan. Die boek sluit af met 'n handige gids vir praktiese dinge wat gedoen moet word en reëlins wat getref moet word tydens en na die dood van 'n geliefde.

Wat besonder in die skrywer se benadering tref, is die klem wat gelê word op die feit dat die bedroefde nie passief deur die roufasies gaan nie, maar dat daar aktiewe routake is wat deurgewerk moet word om die verlies te verwerk en te aanvaar. Dit maak die bedroefde aktief in die verwerking van rou en voorkom dat onverwerkte rou later emosionele of geestelike skade veroorsaak. Die boek word met groot vrymoedigheid aanbeveel.

The ethics of corporate sustainability

P. Bosman & P. Buys
School of Accounting Sciences,
Potchefstroom Campus, North-West University

Background

The latter part of the 20th century saw the rise of the concept of *sustainable development* in the financial and economic literature, which can be defined as development that meets the needs of the present without compromising the ability of future generations to meet their own needs. Yet, the first decade of the 21st century saw spectacular corporate demises that rocked the financial and corporate establishments and contributed to the current global recession where many people lost their jobs and life-savings, and billions of dollars in shareholder-value were destroyed. Furthermore, John Elkington coined the concept of *triple bottom line* (TBL) in 1994, which describes an organisational culture-change to ensure that routine business decisions are made within a sound economic, social and financial framework, that not only focuses on the economic value that a business adds, but also on its environmental and social values. It could therefore be argued that the foundation of sustainable development is ethical behaviour.

The foundation of sustainable development is ethical behaviour.

Sustainable development as an ethical issue

Ethics can be considered a person's moral duty to society and is a broader concept than merely that which is required by law. Notwithstanding different interpretations of ethics, they are all based on the same principle, namely that each person in the

group carries some responsibility for the well-being of others in the group. The ethical issue in sustainable development is the basic issue of life versus death; if business does not begin practicing the tenets of sustainable development, life as it currently exists may very well become extinct.

- **Global poverty**

The roots of the world's sustainability crisis may be social and political in nature, but large corporations often have the global reach, resources and motivation to address the sustainability crisis.

One of the great challenges to many morally sensitive people today is the extent and severity of global poverty. Millions of people lack adequate nutrition, access to clean water, basic sanitation, basic health care and even adequate housing, electricity and education. Millions of children are forced to work outside their household, often under harsh and cruel conditions. Many multinational corporations, willingly or unwillingly, contribute to this situation through their quest to save costs by outsourcing production to countries with the cheapest labour. The roots of the world's sustainability crisis may be social and political in nature, but large corporations often have the global reach, resources and motivation to address the sustainability crisis.

• Organisational success

A key objective of any business should be to stay in business in the long run. A business can therefore be environmentally friendly and socially conscious, but if it is not profitable it will not be sustainable. Businesses and their managers should therefore be concerned about sustainable development for many reasons. Economic pragmatists would base their arguments on the simple fact that, without sustainable development, neither businesses nor the societies in which they are doing business will have a long-term future. Others believe that engaging in sustainable development will be a mega-trend that will enhance organisational reputation or that sustainable development can be used as a unique core competency to obtain a strategic competitive advantage.

Business ethics, however, together with corporate management, environmental management and social responsibility programmes could be seen as “no ethics at all”, but rather as a strategy of *being seen* as being ethical. Instead of developing strategies of corporate images and self-oriented projects, the real challenges for businesses is to spend greater efforts on learning and anticipating the consequences of their actions on others. A common phenomenon in business ethics is that it is often considered as a means to earn more money, and not as an end in itself, which in essence means that it would not be considered as ethical behaviour.

Level of sustainable development efforts for businesses

From a business's viewpoint it is important to ascertain which sustainable development issues can and cannot be addressed. Businesses cannot pass any laws or approve treaties, enact land reforms or control populations and they cannot decide to pursue totally altruistic sustainable development goals without any concern for profitability or longevity. Businesses can, however, influence the passage of sustainable development laws, influence consumer behaviour towards for example recycling and how societal development could occur. Furthermore, busi-

nesses can also undertake a strategy of pursuing sustainable development in conjunction with profitability and longevity to benefit all corporate stakeholders.

Businesses can undertake a strategy of pursuing sustainable development in conjunction with profitability and longevity to benefit all corporate stakeholders.

Given the numerous opportunities for engaging in sustainable development activities, a business should determine its behaviour towards sustainable development of which there are four possible levels:

- Basic level of behaviour: A business operating at the basic level of behaviour would merely comply with the laws of the jurisdiction in which it operates. Such a business would only make the minimum, if any, sustainable development efforts as prescribed by the law. For example, this business would remain within legally acceptable pollution levels or comply with the minimum levels of the basic levels of employment, although they might likely view these levels as a hindrance to productive activities. Such businesses' behaviour could be deemed as legal, but not necessarily ethical.
- Currently attainable level of behaviour: A business operating at the currently attainable level of behaviour would acknowledge that some benefits do arise from engaging in certain sustainable development-friendly activities that are not legally mandated. These businesses, however, probably engage in such activities for the “wrong” reasons, such as cost reduction, revenue enhancement or reputation improvement, which are likely to provide short-term monetary benefits greater than their costs. Such businesses would install better than required pollution control devices, engage in clean-up projects or contribute to community

activities that can be showcased in their corporate social responsibility statements. Managers in these businesses are not involved with sustainable development projects because they are too nebulous and could create substantial costs in cases where future benefits might be quantitatively unknown. They could be viewed by society as sustainable development-conscious businesses that are operating for the greater good, but in reality, the greater good is primarily that of the business.

- Practical level of behaviour: A business operating at the practical level of behaviour would also acknowledge that benefits arise from engaging in sustainable development-friendly activities. These businesses, however, would strive to do the right thing because it is the right thing to do, rather than because of short-term profits or reputation. These businesses and their managers recognise the need for, and worth of, sustainable production and marketing practices. These businesses would invest in sustainable innovations that might be expensive, but would provide beneficial future outcomes. In doing so, they would hope that consumers would recognise that the benefits of such innovative practices are worth purchasing at a higher cost than those competitors who do not necessarily focus on sustainable development practice. There should be no question that these businesses are profit motivated. Management still has a duty towards their stakeholders to maximise profits through efficiency and businesses operating in the practical level of behaviour are also really concerned about their stakeholders and the environment. Thus, sustainable development becomes a concept that is recognised and advocated by these businesses.
- Ultimate level of behaviour: A business operating at the ultimate level of behaviour would have incorporated the idea of sustainable development into its organisational strategy. These businesses would evaluate their business processes and strategies and would consider whether they are part of the solution to social and environmental

issues or whether they are part of the problem. They also view their commitment to sustainable development as one that is essential to the business' core values. These businesses are not involved in environmental protection or sustainable development activities because they are legally obliged to be involved, but they are involved because they believe those actions to be ethically sound and extremely important for the successful continuation of the business.

Concluding comments

The question should be asked whether economic growth must have preference over environmental conservation and human development.

The world is facing a sustainability crisis. Certain predictions are that the world's population will double in twenty year's time. This will result in a radical increase in the production and delivery of goods and energy to provide just the basic amenities to all people. This in turn will place further strain on the already limited natural and human resources. The question should therefore be asked whether economic growth must have preference over environmental conservation and human development.

To survive and be profitable in the long run, businesses should integrate sustainable development concepts into strategic initiatives.

It is of utmost importance that businesses re-evaluate their sustainable development strategies. If businesses, as producers and suppliers of the world's products and services, do not individually and collectively start to work towards a solution, it could be possible that after some point there could be no solution. It may there-

Prinsipiële besinning / Reflection

fore be necessary, and beneficial to sacrifice short-term profits, to achieve longevity and long-run profitability. Sustainable development is more than a marketing opportunity and a promotional tool to advocate the business' corporate social responsibility. It is time that businesses

realise that sustainable development is part and parcel of business ethics. Rules can be written and laws can be passed but to survive and be profitable in the long run, businesses should integrate sustainable development concepts into strategic initiatives.

Kingsbury, Karin. 2009. *Take one – agter die skerms*. Wellington: LuxVerbi.BM. 415 p. Prys: R129,95. ISBN: 978 07963 1019 4.

Resensent: *B. Oberholzer*
Buro vir Wetenskaplike Tydskrifte, Noordwes-Universiteit

Take one – agter die skerms is die eerste boek in die nuwe reeks genaamd "Above the line" deur Karin Kingsbury, ook bekend as die "koningin van Christelike fiksie". Sy het verder meer as 30 boeke geskryf in die "Life changing fiction"-reeks. Dan is daar ook nog die "Redemption"-, "Firstborn"- en "Sunrise"-reekse – alles verhale uit haar pen oor Christene vir Christene.

Die primêre verhaal van hierdie boek gaan kortliks oor twee Christene, Keith en Chase en hulle gesinne wat sendelinge in Indonesië was. Hulle verruil daardie sendingveld vir iets heel anders – die "sendingveld" van die vermaaklikheidsbedryf. Hulle droom is om 'n rolprent te maak met 'n Christelik-etiese boodskap wat hulle glo mense se lewens sal verander. Hulle beplan om as onafhanklike rolprentmakers, met private fondse wat hulle van beleggers gewerf het, die rolprent te maak. Wanneer hulle egter begin om die rolprent te skiet, loop hulle hul vas teen 'n enorme hoeveelheid probleme, wat elke keer totaal onoorkombaar lyk. Met elke probleem krimp hulle beperkte fondse onrusbarend, want elke minuut wat daar nie aan die rolprent geskiet word nie, word 'n groot hoeveelheid geld vermors. Hulle geloof is egter so sterk dat hulle, ten spyte van al die terugslae, aanhou glo dat hulle ongelooflike droom bewaarheid sal word. Hulle bly bid en elke keer word hulle gebede op 'n wonderbaarlike wyse verhoor.

Buiten die twee hoofkarakters, hulle gesinne, die akteurs en ander betrokkenes by die maak van die rolprent, is daar 'n groot hoeveelheid ander karakters. Die leser kry soms die indruk dat 'n mens hier te doen het met 'n seepkisopera: soveel mense met hulle eie verhale wat nie regtig iets te doen het met die primêre verhaal nie. Die meeste van die karakters is karakters uit die vorige reekse deur die outeur, byvoorbeeld die dokter, John Baxter, wat die akteur wie die hoofrol in die rolprent vertolk, se arm moes dokter nadat eersgenoemde deur 'n hond gebyt is. Die Baxter-familie is karakters uit die Redemption-, Firstborn- en Sunrise-reekse. Die outeur noem ook in haar brief aan die lesers aan die einde van die boek, dat sy beplan om weer van sommige van die huidige karakters in die opvolgboeke van hierdie reeks te gebruik.

Die boek word opgedra aan 'n klomp mense – almal gesinslede en geliefdes van die skrywer. Hierdie gedeelte saam met die erkennings neem die eerste veertien bladsye van die boek in beslag. Dit word gevolg deur 'n verdere sewe bladsye waarin die outeur verduidelik hoe sy 'n sekere Rachel Baugher, een van haar jong lesers wat in 'n motorongeluk gesterf het, se karakter vereer en verewig deur haar as 'n karakter in die boek te gebruik. Sy noem die gebruik "Forever in fiction". Hierdeur versamel sy ook fondse vir liefdadigheid.

Hierdie is 'n verhaal van mense met 'n merkwaardige en navolgenswaardige geloof in God. Die leser word egter soms oorweldig deur die minder belangrike karakters en gebeure en verloor op so 'n manier maklik die draad van die verhaal.

Dra die nuusmedia by tot geweldpleging en misdaad?

P.G. Snyman
Potchefstroom

Die aaklige aangesig van geweldpleging en misdaad is daagliks 'n ontstellende deel van Suid-Afrikanners se nuusspyskaart. Die vraag is of die openbare nuusinstellings 'n bydrae tot misdadigheid lewer, of dit selfs aanstig. Dit word ondersoek deur te bepaal wat die plek en take van die nuusinstellings in die samelewing is en watter belange hulle dien.

Die openbare nuusmedia (koerante, radio en televisie) lig die publiek oor al hierdie dinge in, meestal oor die opspraakwekkendstes daarvan. Van die skokkendste berigte is die verkragting selfs van babadogtertjies en ouer dogters wat selfs vermoor word.

Die bedoeling is nie om 'n analise van geweld en misdaad hier te gee nie, maar die onrusbarende voorkoms daarvan dui op 'n samelewing wat siek is, of wat minstens nie gesond is nie. Dit dui op 'n bedenklieke etiese en juridiese orde; op diepgaande wetteloosheid en selfs anargie.

Media-instellings se plek en take

Die uitsaai- en die koerantinstellings met hulle besture en werknemers, onder wie die joernaliste, het elkeen 'n eie sosiale struktuur, take en bestemming. As sodanig is hulle sosiale kringe in die samelewing wat diens lewer aan die samelewing en wat self van die samelewing afhanklik is. Daar is dus 'n wedersydse afhanklikheidsverhouding.

Die toespitsing hier is die instellings (institute) se dienslewering aan die samelewing, meer bepaald die publiek. Vandaar die benaming *publisiteitsmedia, of openbare media*. Die institute se take is publiseertake. Die take is publiekgerig, en dit

behels beriggewing omtrent *sake wat van openbare belang* is, onderworpe aan wette en norme soos iedereen in die samelewing.

Publisiteitsmedia, of openbare media se taak behels beriggewing omtrent sake wat van openbare belang is, onderworpe aan wette en norme soos iedereen in die samelewing.

Die begrip *publiek* se teenhanger is die *private* sfeer. Hierdie twee begrippe moet onderskei word. Dit is nie maklik om die publieke sfeer aan te dui, en dit teenoor die private lewe van mense te stel nie. Wat is byvoorbeeld die private lewe en belange van mense?

Die onderskeidende van publiek is dat dit net die interverhoudings tussen enkelinge, tussen enkelinge en samelewingskringe en tussen samelewingskringe onderling betref. Hierteenoor sluit die samelewing ook intraverhoudings in. By die publiek gaan dit om wat iedereen raak of kan raak. By dit wat privaat is, die intraverhoudings, gaan dit net om wat tot byvoorbeeld 'n huwelik of 'n gesin of 'n ander samelewingskring behoort.

Die private lewens van mense behoort gerespekteer en beskerm te word. Die ruimte ontbreek vir verdere onderskeidings. Nog dit: die suiwer interverhoudings kenmerk die publiek as 'n losse, onafgeronde, onbelynde struktuur wat as geheel amorf en polimorf is, maar wat tog die intraverhoudings van die samelewing veronderstel.

Relasioneel gesien, kan verskillende publieke onderskei word soos byvoorbeeld die kerklike publiek, die boerderypubliek, die akademiese publiek, ensovoorts.

Wat is nuus?

Binne hierdie konteks lewer die openbare media-institute hulle diens deur nuus betreffende interaangeleenthede, dit wil sê openbare aangeleenthede wat van openbare belang is, te verskaf. Dit gebeur op grond daarvan dat die publiek hierdie nuus nodig het vir hulle eie besluitneming en take.

Nuus is kennis of informasie, maar van 'n besondere aard, wat dit onderskei van algemene kennis. Nuus betref kennis omtrent gebeurtenisse, toedrag van sake en tendense van 'n spesifieke aard. 'n Nuttige omskrywing is die volgende: *Nuus is kennis aangaande kontingente (d.w.s hier en nou) aktuele, nuwe gebeurtenisse wat relevant gedifferensieerd vir mense van betekenis is.*

Nuus is kennis aangaande kontingente (d.w.s hier en nou) aktuele, nuwe gebeurtenisse wat relevant gedifferensieerd vir mense van betekenis is.

Algemene kennis bied 'n algemene oriëntering aan mense, maar nuus bied 'n kontingente oriëntering. Hierdie twee soorte kennis behoort onderskei, maar nie geskei te word nie. Algemene kennis met sy algemene oriëntering is altyd op die agtergrond aanwesig. 'n Mens het albei nodig.

Die mens en sy belange

Die mens is in hierdie wêreld geplaas en hy het sy take en roeping hier, ook betreffende ander mense wat saam met hom/haar hier geplaas is. Die mens het 'n ken-aanleg sodat hy/sy die wêreld en wat daarvan hier kenbaar gegee is, soos ook mense en hulle doen en late, kan ken. Hy is daarom dubbelbrandpuntig betrokke by die wêreld en alles wat hier gebeur: aan die een kant omdat die wêreld en wat hier

gebeur aan hom/haar kenbaar gegee is, en andersyds omdat hy/sy dit wat kenbaar is, kan ken. Dit wat nie kenbaar is nie, kan nie geken word nie.

Op grond van die *moontlikhede* wat met die kenbaarheid van die kosmos en van mense en hulle handeling gegee is en op grond van die *moontlikheid* van mense om te kan ken, kom daar 'n eis tot die mens om, waar moontlik en nodig, kennis te vorm. Dit betref ook die nuus, want mense het die nuus nodig om hulself in hulle wêreld te oriënteer, sodat hulle in hulle wêreld en in situasies hulself tereg kan vind en op die hoogte van sake en gebeurtenisse kan wees. Die nuus dra by dat mense gebeurtenisse en die toedrag van sake in hulle wêreld kan verstaan. 'n Mens kan sê dat joernaliste hulle met die verstaan van mense bemoei.

Vir die Christen is die tweërlei moontlikhede, dié VIR en dié VAN die mens, se oorsprong die skeppings- en bestieringswil van God. Hy skenk dit nie verniet aan die mens nie. Die twee fasette stel tesame aan die mens sy take op grond van die eise wat hulle stel en verplig die mens om hulle te aktualiseer. In hierdie geval om nuus te vorm.

Omdat die moontlikhede deur God gegee word, is dit God wat aan die mens daardeur sy roeping stel. Die aktualisering van die moontlikhede is derhalwe roepingsvervulling, 'n antwoord van die mens op dit waartoe God hom/haar roep.

Dit plaas 'n groot verantwoordelikheid op die nuusinstitute om voldoende nuus saaklik, betyds en in waarheid aan die publiek te besorg. Aan die ander kant plaas dit 'n verantwoordelikheid op die lesers-, luister- en kykerspubliek om hulle op die hoogte te stel van wat daar gebeur met die oog op besluite wat hulle in relevante gevalle daaromtrent moet neem.

Doen mense dit nie, raak hulle ontuis in hulle wêreld en raak hulle agter in hulle eie tyd. Die oproep van dit wat uit die telkens gegewe situasies kom, gaan dan by hulle verby. Hieruit word dit duidelik hoe betekenisvol die nuus vir mense is. Daarmee word dit duidelik dat nuus nie 'n onverskillige saak is nie. Mense het dit nodig.

Die *nodigheid* vir mense is die *belang* wat mense daarby het. In soverre iets (hier nuus) dus so opgevat word en vir bepaalde instansies relevant of van betekenis is, is so iets 'n belang. Die belang moet in 'n roepingsverband gesien word. Dit is iets wat 'n mens vir sy roepingsvervulling nodig het, dus vir die uitvoering van die take wat aan hom gestel word. Die belange behoort ten beste behartig te word. 'n Mens het 'n belang by die nuus.

In die gebroke wêreld waarin ons lewe, is daar nie net goeie gebeurtenisse en toedragte van sake nie, maar ook die slegte en bedenklieke soos geweld en ander vorms van misdadigheid. Ook daaromtrent behoort die publiek ingelig te word.

Hoe sou mense sonder die inligting oor misdaad en geweld en die toedrag van sake besluite en die voorsorg vir hulle eie veiligheid en ter bestryding van misdadigheid kan neem?

Die publiek het 'n *oriënteringsbelang* daarby, want hoe sou mense sonder die inligting oor sulke gebeurtenisse en toedrag van sake besluite en voorsorg vir hulle eie veiligheid en ter bestryding van misdadigheid kan neem?

Die nuusinstellings doen hulle plig deur die publiek daaromtrent in te lig. Deur hulle plig te doen, spoor hulle mense aan om nie misdade te pleeg nie. Aan die ander kant behoort die lesers-, luisteraars- en kykerspubliek hulle te laat inlig, sodat hulle self ook verantwoordelik kan optree waar nodig.

Verkeerd ingestelde mense kan voorbeelde van geweldpleging as modelle vir hulle eie optrede neem en besluit om moorde op byvoorbeeld klasmaats en onderwysers te pleeg deur links en regs in skole aan die skiet te gaan. Waarom dit gebeur, is nie altyd te begrype nie. Die

onlangse jong skietster by 'n skool in Duitsland het homself uiteindelik doodgeskiet. Daar word ondersoek ingestel waarom hierdie soort dinge gebeur. Die nuusinstellings word nie geblameer nie.

Hervorming is nodig

Dit is tog belangrik dat die inligting oor geweldsaangeleenthede en ander voorbeelde van misdadigheid nie as normaal of aantreklik aangebied word nie. Misdadigheid behoort nooit verheerlik te word nie, want dit bly boos. By die seleksie van nuus behoort die slegte gebeurtenisse en toedrag van sake nie voorkeur te kry nie, want daar is ook goeie en opbouwende gebeure en sake wat nie kunsmatig en deur verkeerde voorkeure oorwoeker behoort te word nie.

Dit is noodsaaklik dat elke redaksie hom verantwoord oor sy eie gees en rigting om te bepaal wat sy eie invloed op die tydsges met die betrokke motiewe en oortuigings, waarderinge en die heersende lewensinstelling en lewensgevoel in die samelewing is. Elke redaksie behoort te bepaal hoe daar deur kommentaar 'n positiewe invloed kan uitgaan teen die toenemende wetteloosheid, toenemende grypsug en die verontagsaming van wette en norme.

Daar behoort 'n nuwe waardering te wees vir menselewens en die waardigheid van die mens wat gegrond is in die feit van sy skepping as beeld van God en omdat die mens in God se oë kosbaar is.

Redaksies kan ook leiers beïnvloed om deur woord en daad die publiek reg te lei.

Elke regdenkende, verantwoordelike mens, en ook regdenkende redaksies, behoort die kwaad te bestry en die goeie te bevorder met die goed aangewende middele tot hulle beskikking en deur te beantwoord aan die deontiese orde (behorensorde). Die redaksies kan ook leiers beïnvloed om deur woord en daad die publiek reg te lei.

Resente ontwikkelings met betrekking tot uitkomsgebaseerde onderwys op skoolvlak

J.L. van der Walt
Fakulteit Opvoedingswetenskappe,
Potchefstroomkampus, Noordwes-Universiteit

Inleidende opmerkings en agtergrond

Almal wat belangstel in die onderwys is op hierdie stadium akuit bewus van twee verskynsels in die skoolonderwys. Die eerste is die feit dat die ANC-regering wat in 1994 aan die bewind gekom het, alle vorms van “apartheidsonderwys” probeer uitwis het en vervang het met ’n nuwe stelsel van uitkomsgebaseerde onderwys. Hierdie proses het deur verskeie hersieningsfases gegaan, tot by die punt waar tans met ’n Nasionale Kurrikulum gewerk word. Die tweede waarvan almal pynlik bewus is, is dat die hervormings wat sedert 1996 ingestel is, eintlik net die agterstande van apartheidsonderwys na prakties alle skole uitgebrei het. In sommige skole, soos die ou model C-skole, word daar nog hardnekkig vasgehou aan die standaard en gebruike van vóór 1996, maar ook in hierdie skole is daar al tekens van ouers wat weier om skoolgeld te betaal, van leerders wat hulle skuldig maak aan geweld en stokkiesdraaiery, van leerders wat hulle verset teen die onderwysers en skoolreëls, van onderwysers wat laat opdaag en vroeg vertrek, en dies meer. Iets van ’n meer lakse, informele kultuur het ook by hierdie skole begin posvat, en standaard in hierdie skole is ook nie meer wat hulle was nie.

Daar is natuurlik verskeie redes vir hierdie verskynsels. Leerlinge in voormalige model C-skole dring aan op dieselfde “regte en gebruike” wat leerders in die

histories swart townshipskole “geniet” het, insluitende die meer informele skoolkultuur. Leerlinge wat uit die voormalige townshipskole na voormalige model C-skole migreer, bring ’n meer informele skoolkultuur met hulle saam, natuurlik nie doelbewus nie, maar omdat veral hulle die erfgename was en is van die apartheidsonderwyskultuur en van die verset daarteen. Hoewel hierdie leerlinge uit die voormalige townshipskole na die voormalige model C-skole migreer ter wille daarvan om beter onderwys te ontvang, is die onvoorsiene gevolg daarvan dat in die voormalige model C-skole dit ook nie meer gaan soos dit moet nie.

Leerlinge wat uit die voormalige townshipskole na voormalige model C-skole migreer, bring ’n meer informele skoolkultuur met hulle saam.

Met die uitsondering van ongeveer 10% van die nagenoeg 27 000 skole in Suid-Afrika wat vandag nog as funksioneel beskou kan word, ly die skole onder verskynsels soos die volgende: onderwysers en amptenare wat nie altyd by die skole is nie, en ook nie altyd goed voorbereid is vir hulle dagtake nie; die agteruitgang van lees-, skryf- en rekenvaardighede; swak jaareinduitslae, ook by graad 12’s; die nie-beskikbaarheid van leer materiaal; die voortsetting en die uit-

breiding van oueronbetrokkenheid; onderwysers wat nie almal vir hulle take opgelei is nie; skoolhoofde wat nie goeie onderwysbestuurders is nie; die neiging onder goeie onderwysers om die onderwys te verlaat; en die onvermoë van die skole om die leerders voor te berei vir universiteitstudie. Volgens verskeie navorsingsprojekte is dissiplineprobleme onder sowel leerlinge as onderwysers een van die grootste struikelblokke in die weg van goeie skoolonderwys. Die Jansen-kommissie van 2009 bevind dat onderwysers ook hartlik hervormingsmoeg geword het. Hulle kan bloot nie byhou by al die veranderings wat, dikwels onbekook, van tyd tot tyd op die skole afgedwing is nie.

Volgens navorsingsprojekte is dissiplineprobleme onder sowel leerlinge as onderwysers een van die grootste struikelblokke in die weg van goeie skoolonderwys.

Dit is uit die voorgaande duidelik dat alles nie pluis is met die onderwys in Suid-Afrika nie. Die klein “pockets of excellence” wat altyd daar was, is by die dag besig om te krimp. Die onderwys is veronderstel om ’n sleutelrol in die voorsiening van ’n beter toekoms vir alle Suid-Afrikaners te speel en in die opbou van gemeenskappe, maar dit (kan nie) gebeur nie. Daar mag goeie, ervare en bekwame bestuurders op nasionale bestuursvlak wees, maar sodanige bestuurders ontbreek tot ’n groot mate op provinsiale, en veral op plaaslike vlak, en met name op skoolvlak. Die mooi ideale wat op die hoër vlakke geformuleer word, kom nie tot hulle reg op die laer vlakke nie.

Kurrikulumhervormings vóór 2010

Die hervormings met betrekking tot die skoolkurrikulum moet teen bostaande agtergrond gesien word. Sedert die instelling van Kurrikulum 2005 in 1998, met die doel om apartheidsonderwys vir

eens en vir altyd uit te wis, het die praktyk getoon dat daar nie op voetsoolvlak die vereiste kundigheid bestaan het om van die nuwe benadering ’n sukses te maak nie. Die destydse kurrikulumhervorming het die publikasie van yslike dik verslae en handleidings genoodsaak, en ook meegebring dat die hele onderwyspoging in ’n nuwe taal – dié van uitkomsgerigte onderwys – gegiet moes word. Die opleiding wat aan onderwysers en andere op die laer vlakke gegee is, was nie voldoende om hulle volledig agter die kap van die byl te bring nie. Die gevolg hiervan was dat dit in baie skole maar “business as usual” was. In die meeste gevalle het onderwysers gebly by “talk en chalk”, want witkryt en skryfborde was eintlik al hulpmiddels wat beskikbaar was. Van al die hulpmiddels wat met die instelling van uitkomsgebaseerde onderwys aan skole beskikbaar gestel moes gewees het, het min tereg gekom – en waar dit wel beskikbaar was, is dit onder meer uit ouerbydraes aangekoop. Skole in arm gebiede het gevolglik net al verder agter geraak. Dit het die migrasie vanaf die “agtergeblewe” townshipskole na die voormalige model C-skole en die meer gegoede stadskole verder in die hand gewerk. Daardeur is die skoolklimaat van laasgenoemde skole ook in ’n groot mate verander, en bowendien het dit die ouers groot bedrae geld uit die sak gejaag. In ’n studie van die SA Institute of Race Relations in 2009 is bevind dat ouers selfs begin verkies het om hulle kinders na onafhanklike (privaat) skole te stuur, ten spyte van die hoë fooie wat hulle moes opdok.

Weg met Uitkomsgebaseerde Onderwys (UGO)?

Een van die eerste hervormings wat die Zuma-bewind in 2009 bewerkstellig het, was om die onderwysministerie in twee te verdeel: ’n ministerie vir basiese of skoolonderwys, en een vir hoëronderwys en opleiding. Hierdie verdeling het getoon dat daar in die toekoms groter klem op skoolonderwys gaan wees, en dit was ’n tipe erkenning van die mislukking van die voorafgaande onderwys-hervormings sedert 1998. ’n Taakspan is aangestel om skoolonderwys soos dit in 2009 was, te

evalueer en met sekere aanbevelings te kom. Volgens die Minister van Onderwys het die aanbevelings van die taakspan daarop neergekom dat in baie opsigte teruggekeer moes word na die maniere waarop dinge “voorheen” in die onderwys gedoen is. Hoewel die minister nie UGO as amptelik dood wou verklaar nie, het sy tog te kenne gegee dat die nuwe benadering heelwat meer op “tradisionele” skoolonderwys sou lyk as op die uitkomsgebaseerde onderwys met al sy “nuwe” terminologie en praktyke. Sy het ’n nuwe vyfjaarplan aangekondig (2010-2014) waartydens oor die nuwe benadering diepgaande gedebatteer sou word. Hierdie nuwe benadering is volgens die minister gerig op die voorsiening van ’n “kurrikulum wat onderrigbaar is”. Daarmee het sy erken dat die UGO-benadering nie werklik onderrigbaar was deur onderwysers wat nie ten volle en diepgaande daarvoor opgelei is nie.

Die eerste fase (2010) sou te make hê met die ligter maak van die onderwysers se administratiewe las, sodat hulle meer tyd vir werklike onderrig in die klaskamer tot hulle beskikking kan hê.

Die “nuwe” – in werklikheid “ou”, “meer tradisionele” – onderwysbenadering wat vanaf 2010 in die vooruitsig gestel is, word tans ingefaseer. Dit spreek eintlik vanself dat die eerste fase (2010) te make sou hê met die ligter maak van die onderwysers se administratiewe las, sodat hulle meer tyd vir werklike onderrig in die klaskamer tot hulle beskikking kan hê. Hoewel assessering ’n belangrike deel van die onderrig bly, hoef leerlinge nie meer leerder-portefeuljes saam te stel nie (hoeveel het die ouers en die voogde nie in elk geval daarvan gedoen nie?). Leerlinge moet nog steeds projekte uitwerk, maar nie meer ’n groot aantal nie – een per jaar per vakgebied is voortaan voldoende. Onderwysers mag voortaan ook weer voorgeskrewe boeke gebruik; dit word nie

meer as een van hulle take beskou om leerinhoude te ontwikkel nie. Onderwysers hoef ook nie meer verskeie lêers vol onderrigbeplanning te doen nie; alles kan kortliks in een lêer saamgevat word.

Aan elke skool sal opleiding aan onderwysers gegee word sodat hulle die leerders kan help om vaardiger te lees, te skryf en te reken.

Ook belangrik vir die kort- tot medium-termyn is die indiens-(her)opleiding van onderwysers, indien nodig. Ook distriks- en provinsiale adviseurs sal opleiding ondergaan waar nodig. Daar is ook aanduidings dat vakadviseurs soos in die tyd vóór 1998 ’n groter rol gaan speel by dit wat die onderwysers in die klaskamers doen. Die vakadviseurs sal nie inspekteurs wees nie, maar die onderwysers bystaan in die onderrig. Hulle sal ook nie by die ontwikkeling van leerinhoude betrokke wees nie. Hulle sal saam met die onderwysers werk binne die raamwerk van ’n meer “tradisionele” kurrikulum wat oorhoofs deur kurrikulumdeskundiges opgestel sal word.

Weens die feit dat Suid-Afrikaanse leerlinge sedert 1996 internasionaal so treurig vaar in wiskunde en rekenkunde, sal daar voortaan groter klem op lees-, skryf- en rekenvaardighede geplaas word. Aan elke skool sal opleiding aan onderwysers gegee word sodat hulle die leerders kan help om vaardiger te lees, te skryf en te reken. Vir hierdie doeleindes is die Foundations for Learning-program in die lewe geroep. Hierdie program is veral daarop gerig om onderwysers gepaste metodiek in die hand te gee sodat hulle die leerders kan help lees, skryf en reken. Soos in die res van die kurrikulum, word onderwysers nie meer net as “fasiliteerders” beskou nie; hulle word weer “onderwysers, onderriggewers” in die ware sin van die woord, mense wat klein kinders stappie vir stappie leer om woorde te spel of te klank, om getalle te bewerk, om vlot te kan lees,

om mondelinge vaardighede te be-meester, om 'n groter woordeskat te bekom (nogal 'n groot opgaaf in die tyd van mxit, facebook, google en ander nuwe ontwikkelings wat dreig om die leerders se taalvermoë en woordeskat te ondergawe).

Die planne vir 2011 tot 2014 is 'n bietjie vaer as dié vir 2010. Daar sal 'n moratorium geplaas word op die beskikbaarstelling van kurrikulumdokumentasie tot tyd en wyl die onderwysbeplanners vir hulself duidelikheid gekry het oor hoe die onderwys na 2014 daar moet uitsien. Dit geld nie slegs vir die kurrikulum as sodanig nie, maar ook vir die assesseringspraktyke wat daarmee gepaard moet gaan. Hierdie stap word geneem ten einde enige verdere verwarring in die skole en in die gemoedere van onderwysers, ouers, die leerlinge en ander onderwysbelanghebbendes te voorkom. 'n Belangrike verdere ontwikkeling is dat elke leerder vanaf 2011 eie handboeke in elke vak sal moet kry, en dié sal moet klop met die onderskeie kurrikulums wat vir die vakke opgestel (sal) word. In sommige grade word die aantal leerareas of skoolvakke verminder. Vir grade 4 tot 6 word dit verminder van 8 tot 6.

Enkele waarderende opmerkings

Hierdie artikel het nie om dowe neute begin met 'n skets van die onderwysverlede en -agtergrond nie. Die agtergrondskets het getoon met watter strukturele probleme die onderwys deesdae nog worstel, en die vraag kom inderdaad in 'n mens se gemoed op of die huidige dis-funksionaliteit van verreweg die meeste Suid-Afrikaanse skole nog steeds op die brood van apartheid gesmeer kan word. Die onderwys is na die val van apartheid in 1994 die heel eerste en op elke denkbare manier verander – wég van die apartheidse beleide en -praktyke af. Hoewel ons dalk nog ver in die toekoms die las van apartheidsonderwys sal moet dra, is dit ook moontlik dat die ondeurdagte uitkomsgerigte onderwysbedeling, en veral die groot aantal beplanningsdokumente wat die een na die ander sedert 1996

verskyn het, die nalatenskap van apartheidsonderwys verder in die hand gewerk het.

**Die ANC-regering
verkeer diep onder
die indruk van die
agteruitgang in die skole
en in die skoolonderwys
in die algemeen.**

Die vraag wat verder by 'n mens opkom is of die onderwysers en ander onderwysbelanghebbendes in en naas die skool begrip gaan toon vir die voorgestelde 2010-2014-veranderings in die onderwys. 'n Besoek aan skole toon dat die veranderings wat vanjaar toegepas word, nogal goed ontvang word. Die rede daarvoor lê in die feit dat dit heelwat van die administratiewe en leerinhoudontwikkelingslas van die skouers van onderwysers haal. Hulle kla nie vanjaar soveel oor die administrasie nie, aangesien hulle werkslas aansienlik ligter geword het. Die vraag is egter wat gaan gebeur indien daar nie betyds teen die einde van 2010 vakkurrikulums vir al die vakgebiede aan skole beskikbaar gestel word nie, indien daar nie betyds handboeke en ander materiaal vir 2011 by die skole afgelewer word nie, indien die vakadviseurs – soos so dikwels in die verlede – self nie weet wat aangaan nie. Wat gaan gebeur indien onderwysers weer – soos so dikwels in die verlede – op hulle voete moet dink, en uit hulle beperkte bronne leerinhoude beskikbaar moet stel? 2010 het duidelik 'n jaar van watertrap in die skole geword; hierdie toedrag van sake word vererger deur die langer vakansies weens die sokkerwêreldbeker. Die toets vir die nuwe benadering kom eers in 2011 en in die drie jaar daarna. Sal die tersaaklike owerhede en amptenare betyds die nuwe beplanningsdokumente vir 2011 gereed kan kry? Sal hulle daarin slaag om kort, bondige dokumente wat skerp en duidelik rigting gee, op te stel – of gaan dit weer die lywige bundels wees, wat onderwysers by voorbaat eenkant gaan neersit, omdat hulle nie tyd kry om sulke lywige doku-

mente deur te werk nie, of nie die vreemde terminologie verstaan nie?

Vir 'n kleinerige persentasie tans nog funksionerende skole, sal die veranderings nie té ingrypend wees nie. Heelwat van hulle het, ondanks al die beplannings-, riglyn- en beleidsdokumente van die onderwysowerhede sedert 1996, voortgegaan met 'n vaste in-huis kurrikulum, en het die uitkomsgerigte voorskrifte van die owerhede daaromheen geplooi. In sulke skole sal die onderrig taamlik ongesteurd voortgaan; baie van die administrasie sal egter van die skouers van die onderwysers af weggeneem word.

Die probleem lê by die ouers, wat meen dat onderrig in Engels die beste vir hulle kinders sal wees, aangesien dit die saketaal van die wêreld geword het. Daarmee werk hulle swak prestasie by hulle kinders in die hand en bevorder hulle ook die verwaarlosing van hulle eie huistale.

Die ANC-regering, en met name die huidige Zuma-kabinet, verkeer duidelik diep onder die indruk van die agteruitgang in die skole en in die skoolonderwys in die algemeen. 'n Mens moet daarteen waak om té sinies oor die onderwys te raak, maar min mense sal die regering wil geluk wens met wat hy in vyftien jaar se post-apartheidsonderwys reggekry het. 'n Mens moet ook daarteen waak om sinies te raak oor nuwe regeringsinisiatiewe om die gehalte van die onderwys te verbeter. Reeds in 2009 het die regering sy "Kwaliteit-onderrig-en-leer"-veldtog geloods, juis met die doel om alle rolspelers betrokke te kry by 'n gehalte-ommekeer in die skole, veral dié wat nie na wense presteer nie, of wat reeds in totale disfunksionaliteit verval het. Die Openbare Deelname in Onderwysnetwerk (Public Participation in Edu-

cation Network – PPEN) wat in 2009 onder prominente onderwysleiers tot stand gekom het, is ook bedoel om 'n daadwerklike bydrae te maak tot die bevordering van kwaliteitsonderwys. Die tyd sal leer of hierdie inisiatiewe inderdaad bygedra het tot die verbetering van die onderwys se gehalte.

Die onderrigtaalprobleem

Dit is moeilik om navorsingsresultate in die hande te kry wat klinkklaar en onomstootlik bewys dat moedertaalonderrig vir die kleiner kinders (graad 0 tot graad 6 of 7) die beste is vir die ontwikkeling van hulle konseptuele vermoë. Daar is egter navorsing wat in hierdie rigting dui, en daar is onder onderwyskenners min verskil oor die feit dat moedertaalonderrig die beste is vir klein kinders (vgl. Bloch, 2009. *The toxic mix*. Kaapstad: Tafelberg. p. 131-132). John Daniels, assistent-direkteur vir onderwys by die Verenigde Nasies se Opvoedkundige, Wetenskaplike en Kulturele Organisasie (UNESCO) het onlangs beweer: "Kinders wat hul skoolloopbaan begin in hul moedertaal, het 'n beter kans om te presteer as dié wat skool begin in 'n nuwe taal." (*Die Burger*: 7, 10 Apr. 2010.) Die swak graad 12-uitslae in Suid-Afrika die afgelope vyftien jaar kan moontlik aan hierdie probleem toegeskryf word. Kandidate wat Engels nie naastenby ten volle magtig is nie, moet hulle op graad 12-vlak in Engels kan uitdruk, en dit geluk die meeste van hulle nie. Die probleem lê egter nie by die leerlinge self nie, maar by die ouers, wat meen dat onderrig in Engels die beste vir hulle kinders sal wees, aangesien dit die saketaal van die wêreld geword het. Daarmee werk hulle nie slegs swak prestasie by hulle kinders in die hand nie, maar bevorder ook die verwaarlosing van hulle eie huistale, aangesien hulle die geleentheid ontnem word om tot wetenskapstaal ontwikkel te raak. Hierdie probleem kan moontlik iewers in die toekoms in omvang toeneem. Wanneer die regering of die onderwysowerheid moontlik in sy wysheid besluit om oor te gaan tot die vestiging van 'n enkeltaalmodel in die skole, sal Afrikaans ook die probleme van die ander Afrikatale op die lyf loop. Gelukkig is daar in regerings- en onderwyskringe diegene wat

daarvan oortuig is dat moedertaal-onderwys vir kleiner kinders (gr. 0 tot 6 of 7) die beste is, en dat daar na só 'n model gestreef behoort te word. Dit word trouens reeds op 'n eksperimentele basis in sowel die Wes- as die Oos-Kaapse skole met isiXhosa (naas Afrikaans en Engels) gedoen.

Indien 'n skool Afrikaans wil bly, moet dit genoeg Afrikaanstalige leerders hê. Skole met oorskotruimte vir leerders moet oopgestel word vir nie-Afrikaanse leerders uit die omliggende gemeenskap.

Die taalprobleem kan in die toekoms groter afmetings aanneem as wat dit tans het. Dit het reeds 'n politieke speelbal geword, soos blyk uit die Ermelo Hoërskool-hofsak in 2009. Aan die een kant hou sommige van die Afrikaans-mediumskole nog vas aan Afrikaans as taal-medium, enersyds omdat hulle dit nodig ag vir die onderwys van kleiner Afrikaanssprekende kinders asook vir die voortbestaan van die Afrikaanse taal. Aan die ander kant beskou nie-Afrikaanssprekende gemeenskappe die aandrang op Afrikaans as onderrigmedium as 'n meganisme om nie-blanke mense uit die voorheen bevoorregte skole te hou. Die taal word volgens die nie-Afrikaanse gemeenskappe as 'n *barrier* of struikelblok beskou wat in hulle weg gelê word om ook goeie gehalte onderwys te mag ontvang.

Objektief beskou het albei hierdie standpunte meriete. Indien Afrikaans byvoor-

beeld aan skole as onderrigmedium verdwyn, kan dit die spreekwoordelike spyker in die doodskis van die taal wees, en sal die aandrang op die ontwikkeling van die ander inheemse tale daarmee saam in die niet verdwyn. Aan die ander kant kan dit nie ontken word dat die behoud van Afrikaans as onderrigtaal in sommige uitstekende skole lei tot die uitsluiting van nie-Afrikaanssprekendes uit sulke goeie skole nie. Die uitweg uit hierdie dilemma is nie voor die hand liggend nie, maar intussen kan met die grondwethofuitspraak oor Afrikaans na aanleiding van die Ermelo-saak gewerk word: Indien 'n skool Afrikaans wil bly, moet dit genoeg Afrikaanstalige leerders hê. Indien dit nie genoeg sulke leerders het nie, en daar is ruimte vir ander leerders, het dit geen keuse as om 'n parallelmediumskool te word nie. 'n Skool met oorskotruimte vir leerders moet oopgestel word vir nie-Afrikaanse leerders uit die omliggende gemeenskap.

Gevolgtrekking

Suid-Afrika het baie, diepgaande en omvattende onderwysprobleme. Daar is geen kitsoplossings vir die grootste probleme nie. Die naaste aan 'n kitsoplossing, is die vermindering van onderwyser-administrasie wat in 2010 aan die orde van die dag is. Die res van die hervormings is in wese afhanklik van die beskikbaarheid van bekwame onderwysbestuurders en -beplanners. Die onlangse onderwysgeskiedenis van Suid-Afrika het getoon dat dié nie meer volop beskikbaar is nie. Onderwysers moet solank die lasverligting in 2010 geniet, en hulle ook tegelykertyd staal vir taamlike ingrypende veranderings in 2011 en daarna, waarvoor daar nie noodwendig betyds en volledig voorsiening gemaak sal word nie.

Die impak van sporttoerisme op die Suid-Afrikaanse ekonomie

M. Saayman & A. Saayman
Potchefstroomkampus, Noordwes-Universiteit

Historiese perspektief op sporttoerisme

Sporttoerisme is tans 'n multimiljoen rand bedryf en behels die reis van persone na sportgerigte gebeurtenisse. Dit is dus belangrik om te besef dat alle sportgebeurtenisse gepaard gaan met 'n mate van sporttoerisme. Sporttoerisme het sy oorsprong in die antieke tyd toe dit primêr gehandel het oor individuele deelname, waar individue hulle kragte en vermoëns teen mekaar gemeet het in basiese items soos gooi, spring, hardloop en vegkuns. Dit het aanleiding gegee tot die ontstaan van die Olimpiese Spele in Griekeland, wat vandag steeds een van die grootste en vernaamste gebeurtenisse op die sportkalender is. Sedertdien het die aantal sportsoorte, sportgebeurtenisse en deelnemers radikaal toegeneem. In die hedendaagse konteks behels sporttoerisme nie slegs die deelnemers van die sportsoort nie, maar sluit ook die toeskouers, toeskouerklubs, borge, mediese personeel, beamptes, vrywilligers, verskaffers van klerasie en aandenkings, media en die plaaslike gemeenskap in.

Sporttoerisme is tans 'n multimiljoen rand bedryf en behels die reis van persone na sportgerigte gebeurtenisse.

Sedert 1994 was Suid-Afrika baie suksesvol in die toekenning van sportgebeurtenisse en die aanbied van sodanige gebeurtenisse. Voorbeelde hiervan in die vroeë en middel-negentigerjare van die

vorige eeu sluit die aanbieding van die Wêreldatletiekkampioenskappe in, asook die Afrikaspele, die IRB-Rugbywêreldbeker en die African Cup of Nations. Sedert 2000 is die volgende groot sportgebeurtenisse op Suid-Afrika se kalender: die Krieketwêreldbeker in 2002, die Sokkerfederasiebeker, wat in 2009 aangebied is, en die FIFA-Sokkerwêreldbeker wat in 2010 aangebied word. Hierdie is slegs enkele van die groot sportsoorte wat aangebied is, of binnekort aangebied gaan word. Talle kleiner sportsoorte het ook reeds wêreldspeles en groot toernooie in Suid-Afrika aangebied, onder andere gholff, gewigoptel, stoei, branderplankry en selfs skaak.

Die vraag kan dus tereg gevra word waarom sporttoerisme vir Suid-Afrika belangrik is. Hierdie vraag bly relevant in die Suid-Afrikaanse konteks, aangesien groot bedrae in die oprigting van infrastruktuur vir die gebeurtenisse bestee word, terwyl groot dele van die Suid-Afrikaanse bevolking steeds in armoede lewe met min toegang tot basiese dienste.

Impak van sporttoerisme op Suid-Afrika

In antwoord op bogenoemde vraag kan die volgende voordele van sporttoerisme uitgelig word. Eerstens lei die aanbied van hierdie sportgebeurtenisse tot die skep van infrastruktuur, wat die opgradering van paaie en 'n verskeidenheid ander geriewe insluit. Dit kan later deur die gemeenskappe tot hulle eie voordeel benut word. Sodanige geriewe sluit in behuising vir atlete en beamptes, wat later aan ge-

meenskappe oorgedra word soos in die geval van die Afrikaspele, stadions wat vir plaaslike sportgeleenthede gebruik word, die opgradering van vervoerstelsels, insluitende lughawens en vervoer, wat noodsaaklik is vir Suid-Afrika se mededingendheid.

Tweedens hou die aanbod van sportgeleenthede bemarkingsvoordele in. Hierdie is sekerlik een van die grootste voordele van sporttoerisme, en tog ook een van die voordele wat die moeilikste gekwantifiseer kan word. Deur bemarking van die land word 'n gunstige beeld geskep en verseker dit onder andere 'n konstante vloei van toeriste na Suid-Afrika. Dit is interessant dat lande soos Switserland, Engeland en Australië hulself juis aktief bemark deur die sportgebeurtenisse wat hulle aanbied.

Derdens bou sporttoerisme nasietrots. Wie sal ooit 1995 vergeet, toe Suid-Afrika vir die eerste keer die IRB-Wêreldbeker gewen het en oud-president Nelson Mandela met Francois Pienaar (die springbokkaptein) se nommer 6 springboktrui op die veld verskyn het? Hierdie word gesien as een van die gebeurtenisse wat die land verenig het en tot die suksesvolle oorgang na 'n volle demokrasie bygedra het.

Die aanbod van groot sportgebeurtenisse lei tot die skep van infrastruktuur en dit hou ook bemarkingsvoordele in. Sporttoerisme bou verder nasietrots en hou ook voordele in vir die plaaslike ekonomie.

Vierdens hou die aanbod van sportgebeurtenisse voordele in vir die plaaslike ekonomie. Die impak van sporttoerisme op die ekonomie geskied deur die addisionele besteding op infrastruktuur ter voorbereiding van sodanige gebeurtenisse, sowel as die addisionele besteding wat plaasvind as gevolg van besoekers wat die sportgebeurtenisse bywoon. Hierdie addisionele besteding beïnvloed verskeie belangrike fasette van die ekonomie, insluitend

ekonomiese groei, indiensname en buitelandse valuta-invloei.

Deur die besteding op infrastruktuur, sowel as sporttoeriste, beamptes en atlete se besteding op items soos akkommodasie, voedsel, vervoer, aandenkings en so meer, dra dit by tot die uitbreiding van produksie in die ekonomie. Addisionele produksie is die kernbestanddeel vir ekonomiese groei om plaas te vind. Vir groot sportbyeenkomste is die bedrae wat bestee word astronomies. Vir die FIFA-Sokkerwêreldbeker word nagenoeg R8 miljard bestee aan die opgradering van infrastruktuur. Daarby word verwag dat besoekers in die omgewing van R12 miljard tydens die geleentheid gaan bestee. Gegewe die daling tans in produksie wêreldwyd, dra die volgehoue besteding op infrastruktuur tans by tot 'n versagting van die effek van wêreldwye gebeure vir die Suid-Afrikaanse ekonomie. Indien dit nie plaasgevind het nie, sou Suid-Afrika se ekonomie 'n skerper verswakking gesien het en reeds 'n resessie beleef het soos die VSA, Brittanje en vele ander ekonomieë.

Die dringendheid van die Sokkerwêreldbeker het ook aanleiding gegee tot die deurvoer van verskeie ander infrastruktuurprojekte – die Gautrain en die opgradering van lughawens – wat deur vennootskappe tussen die openbare en privaatsektor verdere besteding in die ekonomie aangemoedig het.

Die uitbreiding van produksie lei nie net tot ekonomiese groei nie, maar noodsaak die indiensneming van addisionele werkers. Sedert 2000 het die werkers in diens van die privaatsektor in Suid-Afrika verdubbel. Hierdie uitbreiding in indiensname het veral in die konstruksiesektor van die ekonomie plaasgevind. Dit verminder werkloosheid en verbeter die lewensomstandighede van duisende Suid-Afrikanners. Selfs in die wêreldresessie wat tans beleef word, bly indiensname in Suid-Afrika redelik stabiel en dit kan grootliks toegeskryf word aan volgehoue indiensname in die konstruksiesektor.

'n Positiewe uitvloeisel van addisionele produksie is dat dit lei tot addisionele

inkomste vir werkers, wat addisionele belastinginkomste vir die staat impliseer. Hierdie geld word weer aangewend om onderwys, gesondheid, polisiëring en basiese dienste en toelaes aan die breër Suid-Afrikaanse gemeenskap te voorsien.

Baie ontwikkelde lande fokus nie net op toerisme vanweë die addisionele produksie, inkomste en werkskepping wat dit genereer nie, maar ook omdat dit 'n bron van buitelandse valuta is. Buitelandse toeriste wat Suid-Afrika besoek ruil hulle geldeenheid vir Suid-Afrikaanse rand. Hierdie buitelandse geldeenheid (buitelandse valuta) is noodsaaklik om te bekom om vir ons invoer te betaal. Indien ons bronne van buitelandse valutareserwes daal, lei dit gewoonlik tot 'n verswakking van die wisselkoers en stel dit Suid-Afrika bloot aan spekulاسie teen die geldeenheid. Juis om hierdie rede is die buitelandse valuta wat bekom word deur toeristebesteding so belangrik.

Baie ontwikkelde lande fokus nie net op toerisme vanweë die addisionele produksie, inkomste en werkskepping wat dit genereer nie, maar ook omdat dit 'n bron van buitelandse valuta is.

Laastens behoort dit egter ook genoem te word dat die effek van sporttoerisme op die Suid-Afrikaanse ekonomie nie slegs positief is nie. Een van die mees bekende negatiewe effekte van toerisme op 'n ekonomie is dat dit tot prysstygings lei – oftewel inflasie. Die verhoogde besteding op produkte veroorsaak 'n styging in die prys van sodanige produkte, en inflasie word beleef. Wat dit dikwels vir die gemeenskap vererger, is dat toeriste geld op produkte bestee wat ook deur die gemeenskap gebruik word, soos voedsel en vervoer. Dit verhoog dan die prys van hierdie lewensmiddele.

Alhoewel die oorwoë ekonomiese en ander impakte van sporttoerisme positief is, is daar tog sekere negatiewe aspekte

wat gereeld gepaard gaan met sporttoerisme. Hierdie aspekte sluit in prostitusie, uitbuiting en dobbelaktiwiteite, wedstrydknoeiery, boewery (*hooliganism*), morele verval en 'n oordrewe gevoel van nasionalisme. Hierdie aspekte is veral prominent tydens groot sportgebeurtenisse, soos die komende FIFA-Sokkerwêreldbeker.

Prinsipiële besinning

Die gedagte van sport en in die breë konteks, sporttoerisme, word selfs in die Bybel genoem, waar Paulus verwys na boks deur te sê dat 'n mens 'n doelgerigte lewe moet lei, en nie soos 'n bokser in die lug moet slaan nie. Dieselfde geld waar Paulus verder verwys na 'n atleet en Christene aanmoedig om soos atlete te volhard. Sport en sporttoerisme is nie altyd in 'n positiewe lig deur Christene ervaar nie. Christene moes in antieke tye met roofdiere om hulle lewens veg tot vermaak van die Romeine en Romeinse sporttoeriste in die Colosseum in Rome. Soos in antieke tye, is daar deesdae ook negatiewe aspekte betreffende sporttoerisme waarvan die Christen moet kennis neem.

Christene behoort sporttoerisme te ondersteun in sover dit 'n positiewe impak op die gemeenskap in die breë het. Hulle moet egter ook 'n sterk standpunt inneem teenoor die negatiewe aspekte wat gepaard gaan met sodanige gebeurtenisse.

Uit 'n Christelike oogpunt behoort Christene sporttoerisme te ondersteun in sover dit 'n positiewe impak op die gemeenskap in die breë het. Maar Christene behoort ook 'n sterk standpunt in te neem teenoor die negatiewe aspekte wat gereeld gepaard gaan met sodanige gebeurtenisse. Die Bybel waarsku teen uitbuiting, korrupsie, prostitusie en morele verval en 'n meer pro-aktiewe optrede word van Christene

vereis. Hierdie aspekte kan hanteer en bestuur word. Dit vereis egter groter deelname deur Christene in sowel die bestuur as die aanbidding van sodanige gebeurtenisse, in plaas daarvan om bloot passiewe toeskouers te wees. Groter deelname sluit die opvoeding van kinders in betreffende die gevare wat met hierdie aktiwiteite gepaard gaan, sowel as om 'n meer sigbare houding en 'n sterker standpunt in te neem om voorkomende maatreëls daar te stel.

Slotopmerking

In hierdie artikel is gewys op die impak wat sporttoerisme op die infrastruktuur, die bemaking, die ekonomie en die bevordering van nasietrots in Suid-Afrika het. Dit

blyk dat die positiewe impak op die ekonomie veral verblydend is, aangesien dit moontlik tot groter besteding en dus tot groter produksie mag lei. Dit kan moontlik 'n groter indiensstellingsyfer en geld in die sak van werkers, wat addisioneel in diens geneem sal moet word, beteken. Verder is daarop gewys dat sporttoerisme egter ook 'n skadukant het waarvan beslis kennis geneem moet word. Die Christen, as deel van die Suid-Afrikaanse samelewing, kan hom-/haarself nie eenkant hou nie, maar het die opdrag om ook in sy/haar sportbeoefening sy/haar Christelike etiek uit te leef en die Bybel as rigsgoer te gebruik – ook in hierdie tyd wanneer die wêreld se oë op Suid-Afrika as gasheerland vir die Sokker Wêreldbekertoernooi gerig is.

Costa, Ken. 2008. God en my werk. Vereeniging: Christelike Uitgewersmaatskappy. 174 p. ISBN: 978-1-77000-646-1.

Resensent: S.C. Lourens
Buro vir Wetenskaplike Tydskrifte, Noordwes-Universiteit

“Om in vandag se wêreld as 'n Christen te leef is soos om op die snykant van 'n mes te leef.” (p. 18.) Só som Ken Costa, 'n beleggingsbankier van Londen, die beroepslewe van Christene in die 21e eeu op.

In sy boek, *God en my werk*, pas Costa deurlopend gepaste Skrifgedeeltes op 'n mens se daaglikse werkomstandighede en -situasies toe. Costa voel homself uitgedaag en daag ook die leser uit om 'n dimamiese en daadwerklike verskil in sy/haar werksplek en ook in sy/haar beroepsgesindheid te maak, wanneer hy verwys na Lukas 9:25: “Wat help dit 'n mens as hy die hele wêreld as wins kry, maar homself verloor of te gronde gaan?”

In nege kort, dog Skrifryke hoofstukke gee Costa Bybelsgefundeerde riglyne en gee hy 'n Christenperspektief op die waarde van werk, die nastreef van ambisie, lewenskeuses, die maak van moeilike besluite, hoe om 'n gesonde balans tussen jou werk en persoonlike lewe te handhaaf, asook die hantering van stres, mislukking en teleurstelling.

Die boek bring 'n boodskap van hoop en beklemtoon terselfdertyd ook die besondere verantwoordelikheid wat ons as Christenwerkers het om die finansiële rykdom, wat van God af kom, aan te wend tot uitbouing van God se koninkryk hier op aarde, om sodoende 'n spirituele vernuwung te weeg te bring.

Costa sluit sy boek af deur die volgende gedagte by die leser te laat (p. 174):

As ons werklik wil sien hoe ons samelewing verander word en ons land na God toe draai sal dit net gebeur wanneer ... Christene opreg leef by die werk – swak tog bemagtig deur die Heilige Gees, kwesbaar tog deur God versterk, angstig tog gevul met vrede – kan dit deur 'n hernude uitstorting van God se Gees die grootste evangeliebediening van ons era word.

Hierdie boek is ideaal vir elke Christen wat soms moedeloos en verbete spook, stry en werk in 'n land en/of omgewing wat elke dag al hoe verder van God wegdraai ...

2010-Wêreldbekersokker: 'n dubbelsnydende swaard?

P. Labuschagne
Departement Politieke Wetenskappe, Unisa

Suid-Afrika het pas aangesluit by 'n uitgelese groepie lande wat reeds die Wêreldbekersokkertoernooi aangebied het. Suid-Afrika is die eerste van die 53 Afrika-state wat die Wêreldbeker aanbied – geen geringe prestasie nie, gegewe die streng keuringsvereistes wat geld. *(Hierdie artikel is geskryf voordat die Wêreldbekertoernooi in werklikheid plaasgevind het – Redakteur.)*

Die aanbied van 'n megasportbyeenkoms, soos die Olimpiese Spele en die Wêreldbekersokkertoernooi, bied 'n magdom voordele aan die gasheerland waarom elke vier jaar gretiglik deur 'n groot groep lande gekompeteer word. Miljarde word deur 'n verskeidenheid lande spandeer en geen moeite word op politieke, ekonomiese en monetêre vlak ontsien, om 'n suksesvolle bod in te dien nie.

Redes vir dié voorreg

'n Histories-morele skuldgevoel het waarskynlik die skaal in die guns van Afrika geswaai, omdat FIFA die geleentheid aan die Afrika-kontinent "skuld".

Suid-Afrika het reeds suksesvol die 1995-Wêreldbekerrugby en die 2003-Wêreldbekerkriekettoernooie aangebied. Die suksesvolle organisasie van hierdie twee globale toernooie het ongetwyfeld die deur

oopgemaak om die meer omvangryke Wêreldbekersokkertoernooi aan te bied. Daar was ongetwyfeld aanvanklik sterk sentimente om die toekenning weer aan 'n land in Europa of Amerika te maak, maar 'n histories-morele skuldgevoel het waarskynlik die skaal in die guns van Afrika geswaai, omdat wêreld sokker se beheerliggaam (FIFA) die geleentheid aan die Afrikakontinent "skuld". Suid-Afrika met sy goed ontwikkelde infrastruktuur, bewese kundigheid en rekord om megasportbyeenkomste suksesvol te organiseer, het waarskynlik die skaal geswaai.

Die algemene verwagting en hoop in Suid-Afrika is dat die Wêreldbekersokker, met sy meer omvangryke globale aanhang, meer substantiewe voordele sal inhou.

Suid-Afrika se bodaansoek het verskeie voordele uitgewys waarom dié land die megasportbyeenkoms behoort aan te bied. Daar is in die bod daarop gewys dat die 1995-Wêreldbekerrugbytoernooi 'n substantiewe bydrae tot die nasiebouproses in hierdie diep verdeelde land gemaak het en dat spesifieke finansiële voordele ook na die plaaslike toerisme afgewentel het. Die algemene verwagting en hoop in Suid-Afrika is daarom dat die Wêreldbekersokkertoernooi, met sy meer omvangryke globale aanhang, meer substantiewe voordele sal inhou.

In die volgende gedeelte gaan daar eers kortliks aandag aan die geskiedenis van die toernooi gegee word, gevolg deur 'n bespreking van die moontlike voordele en nadele wat die 2010-Wêreldbekersokker-toernooi potensieël vir Suid-Afrika kan inhou.

Geskiedenis van die Wêreldbekersokkertoernooi

Die Wêreldbekersokkertoernooi word reeds vir bykans 80 jaar aangebied, maar die geskiedenis van internasionale sokkerwedstryde is veel ouer. Die eerste gerapporteerde internasionale sokkerwedstryd is reeds so vroeg as 1872 in Glasgow tussen Skotland en Engeland beslis. Die meer omvangryke internasionale weergawe van sokker het eers sy draai by die Olimpiese Spele gemaak toe dit in 1908 tydens die somer Olimpiese Spele op die spyskaart geplaas is. Die sukses op die globale front het die sokkerbeheerliggaam, FIFA, gemotiveer om hierdie byeenkoms outonoom buite die Olimpiese Spele aan te bied. Die droom is in 1930 verweselik toe Uruguay die eerste gasheerland van die Wêreldbekersokkertoernooi geword het. Die eerste toernooi was egter swak ondersteun – slegs dertien lande het deelgeneem. Die gasheerland, Uruguay, het met die louere weggestap toe hulle Argentinië 4-2 voor 'n skare van 93 000 geklop het. Die toernooi het geleidelik gegroei, en veral Engeland se toetrede in 1950 tot die Wêreldbekersokkertoernooi het 'n groter prominensie en status aan die byeenkoms gegee. Die byeenkoms wat vierjaarliks aangebied word, het veral in die laaste paar dekades in status en omvang toegeneem. Dit kan waarskynlik tans as die enigste werklik globale sportsoort gereken word. Van die ongeveer 210 onafhanklike outonome state tans in die wêreld het 198 vir die 2006-toernooi en 204 vir die 2010-toernooi gekwalifiseer. Uit die groot groep kry uiteindelik net 32 die geleentheid om op die globale verhoog deel te neem.

Tydens die 2006-toernooi het die kumulatiewe televisiekykers tot 26 biljoen mense gegroei. Die 2006-finaal is deur 'n beëraamde 715 miljoen mense direk op televisie gevolg!

Nasiebou

Sport word as 'n belangrike instrument vir sosiale en rasse-integrasie beskou, veral om die diversiteit van 'n samelewing tot een nasie saam te snoer. In die Wes-Indiese eilandgemeenskappe het krieket byvoorbeeld 'n belangrike rol gespeel om die volkeverskeidenheid van die diverse eilande onder een vlag saam te bind. Daar is ook etlike ander voorbeelde in die geskiedenis waar sport die oorbruggingsinstrument was wat nasiebou bevorder het.

Daar is etlike voorbeelde in die geskiedenis waar sport die oorbruggingsinstrument was wat nasiebou bevorder het.

Min mense kan nie onthou waar hulle hulself bevind het die dag in 1995 tydens die Wêreldbekerrugbytoernooi toe Joel Stransky 'n skepskop deur die noordelike pale van Ellispark gelanseer het om Suid-Afrika een van sy grootste sportprestasies ooit te besorg nie. Emosie het soos 'n brander oor die stadionmure gespoel en die rasseharmonie en emosionele eensgesindheid het al die mense van Suid-Afrika momenteel in 'n eenheid saamgevoeg. Die eens kritiese *Sowetan* koerant het 'n 360-grade draai in sy beskouing gemaak en op sy voorblad die naam *Amabokoboko* vir die Springbokke verewig. Die positiewe nasiebougees het na ander sportsoorte oorgespoel en vir die eerste keer het blanke Suid-Afrikaners ook gejuig toe die Bafana Bafana later in dieselfde jaar die Afrikabeker gewen het.

Die belangrike vraag is egter hoe permanent die effek van nasiebou deur middel van sport in werklikheid is. Daar word te dikwels na die “90 minute patriotisme van sport” verwys. Die ervaring van die Wêreldbekerrugbytoernooi is dat na 'n paar maande rugby eerder verdelend, as helend op die Suid-Afrikaanse nasie ingewerk het. Daarom sal diegene wat dink dat die Wêreldbekersokker op die vlak van 'n emosionele nasieboufase

voordele vir nasiebou sal inhou, ongelukkig grootliks ontnugter word. Die prognose is tans dat die swak vertonings van die Bafana Bafana sal voortduur en dat dié span kwalik die eerste rondte sal oorleef. Sokker se potensiaal om soortgelyk aan rugby in 1995, 'n "nasiebouvonk" te verskaf, sal dus grootliks beperk wees.

Ekonomiese voordele

Die ekonomiese voordele wat normaalweg met die aanbieding van die groot toernooi geassosieer word, is 'n plooi-blare konsep wat nie maklik gekwantifiseer kan word nie. Die vorige gasheer van hierdie toernooi, Duitsland, het 430 miljoen Euro spandeer om hulle fasiliteite en infrastruktuur op te knap. Die organiserende komitee het 'n wins van 135 miljoen Euro opgelewer, waarvan 'n surplus van 56,6 miljoen Euro aan die Duitse Sokkerfederasie oorgedra is.

Die voordele wat die opgradering van sportstadions, die infrastruktuur en die bou van die Gautrein inhou, is meer permanent en het langtermynvoordele vir Suid-Afrika.

Een van die voorspellings is dat die Wêreldbekersokkertoernooi 'n netto ekonomiese voordeel van R21,3 biljoen vir die Suid-Afrikaanse ekonomie kan akkumuleer, gebaseer op 'n skatting van ongeveer 230 000 toeriste wat vir langer as twee weke in die land bly. Relatief tot die ekonomie kan hierdie ekonomiese inspuiting die BBP met tot 1,5% verhoog.

Die voordele wat die opgradering van sportstadions, die infrastruktuur en die bou van die Gautrein inhou, is meer permanent en het langtermynvoordele vir Suid-Afrika. Die invloed van die verhoogde toerisme is meer tydelik van aard met 'n realistiese afplating ná die toernooi, asook die afhandeling van bouprojekte wat tydelike werkers se kontrakte sal beeindig.

Die teensy van die munt

Saam met die soet kom gewoonlik die suur. Hoewel die ekonomiese voordele substantief is, moet die trefwydte daarvan begryp word. Bestaande besighede wat letterlik oorkant die sportstadia geleë is, word streng beperk om deur eie inisiatief voordeel uit die toernooi te genereer. In Pretoria is die Eastwood Tavern oorkant Loftus Versveld reeds oor die vingers getik om enige "opportunistiese" reklame te verhoed. Ondernemings wat periferaal tot die toernooi is, gaan gevolglik min of geen afwentelingsvoordele uit die aanbied van die Wêreldbekersokkertoernooi put.

Die meeste van die werksgeleenthede wat geskep word, is tydelik en eindig saam met die toernooi.

Die beskikbaarheid van kaartjies vir die belangriker wedstryde is vir die gemiddelde Suid-Afrikaner beperk, asook onbekostigbaar. Buitelandse toeriste ontsê baie Suid-Afrikaners doodeenvoudig die voorreg om die geleentheid te beleef.

Daar is ook ongelukkig 'n donker kant aan hierdie geleentheid. Megasportbyeenkomste het 'n nuwe-effek in die gepaardgaande problematiek van verhoogde dwelmaanvraag en prostitusie. Die verskynsel het in die verlede by megasportbyeenkomste groot morele en gesondheidsprobleme geskep.

Sokkergeweld bly 'n turksy en is 'n onafwendbare nuwe-effek van sokker. Die pers word dikwels as die aanstigters van sokkergeweld geblameer. Alkoholgebruik bly problematies en die misbruik daarvan lei dikwels tot gevegte.

Sokkergeweld bly 'n turksy en is 'n verdere onafwendbare nuwe-effek van sokker, 'n sportsoort wat reeds vanaf die 13e eeu sinoniem met geweld geraak het.

In Engeland het sokkerboewery in 1960 die eerste keer 'n probleem geraak, maar dit het spoedig 'n internasionale karakter verkry. Geweld in sokker is eerstens teen die skeidsregters en spelers gemik met die potensiaal om tot 'n verdere fase te eskaleer waar geweld tussen die opponerende ondersteuners binne en later buite die stadion kan plaasvind. Die pers word dikwels as die aanstigters van sokker-geweld blameer. Gedurende die 1996-Europesebekerbyeenkoms is daar na die Engeland-Duitsland-wedstryd as die hervatting van die Tweede Wêreldoorlog verwys. Die gebruik van alkohol bly 'n probleem en die misbruik daarvan lei dikwels tot gevegte.

Wat die Wêreldbekersokkertoernooi in Suid-Afrika betref, word die toernooi streng beheer om misdaad hok te slaan. Die voorkoms van kleiner misdade, soos sakkerollery, gaan wel voorgekom, maar die sekuriteitsgordel wat om stadions getrek is, sal dit tot die minimum beperk.

'n Laaste gedagte

Die voordele wat die Wêreldbekersokkertoernooi vir Suid-Afrika inhou, is

sonder twyfel omvangryk. Daar is wel groot (tydelike) ekonomiese voordele en die verbetering aan die infrastruktuur, veral die Gautrein kan verwelkom word.

Die nadele is dat dit 'n internasionale gebeurtenis is en dat die gemiddelde Suid-Afrikaners gedeeltelik van die sportskouspel vervreem is. Die skadukant van so 'n geleentheid soos verhoogde prostitusie, dwelms en ander misbruike is ongelukkig 'n sosiale verskynsel en 'n werklikheid wat nie weggewens kan word nie.

Ander aspekte is dat die frustrasies kan oorkook, omdat die gemiddelde Suid-Afrikaner gefrusteerd kan raak omdat die voordele nie sterker in hulle guns akkumuleer nie. Die organiseerders kan hulle daarom vroegtydig gereed maak vir die ontwrigting van 'n mini-busstaking, in reaksie teen die snelbusdiens tussen Soweto en Johannesburg.

Dit bly egter 'n onomstootlike feit dat die aanbieding van die Wêreldbekersokkertoernooi 'n unieke geleentheid is. Hopelik maak die suksesvolle aanbieding die deur vir Suid-Afrika oop om eendag die groot EEN aan te bied, naamlik die Olimpiese Spele.

WOORD & DAAD nou ook op **Facebook!** /

WORD & ACTION now also on **Facebook!**

Sluit gerus aan by die groep om jou opinie/kommentaar te lewer en te sien wat die nuutste uitgawe inhou:

Woord en Daad – REBSA

<http://www.facebook.com/home.php#/group.php?gid=80390381484>

Die trauma van plaasmoorde

G.A. Lotter
Vakgroep Praktiese Teologie,
Potchefstroomkampus, Noordwes-Universiteit

Sedert die begin van die nuwe staatkundige bedeling in Suid-Afrika (1994) is een van die kenmerke van die dramaties-stygende misdaadepidemie, die plaasaanvalle en plaasmoorde. Daar is weekliks berigte van sodanige aanvalle sodat die pers dit nie eers meer breedvoerig berig nie, so algemeen het dit geraak. Dit is moeilik om korrekte statistieke te voorsien, omdat daar geen gekontroleerde databasis van plaasaanvalle en plaasmoorde gehou word nie. Daar kan dus nie met presiesheid gesê word hoeveel plaasmoorde plaasgevind het nie. Na skatting beloop die aantal plaasmoorde duisende en betroubare statistieke dui op 1 637 plaasaanvalle sedert 1993 toe dit begin het. Uitsprake soos “Suid-Afrikaanse boere leef in ’n oorlogsone” is bekend en dit is waarskynlik die waarheid. Vanweë die politieke ongeërgdheid en die SAPD se agterlosigheid met betrekking tot hierdie aanvalle en moorde, moet gesteun word op blogs (een wat heelwat inligting en baie grafiese, skokkende materiaal bevat, is <http://dienuwesuidafrika.blogspot>). Ander inligting word ook deur TLU en Solidariteit verskaf. Laasgenoemde het juis in September 2009 ’n agtuurlange voorlesing gehad waar bekende Suid-Afrikaners slagoffers se name gelees het en onderhoude oor plaasmoorde gevoer is.

Die moord op Eugene Terre Blanche (leier van die AWB) op 2 April 2010 by sy plaas, het die aandag opnuut op plaasmoorde gevestig. Dit het ook die saak wêreldwyd onder mense se aandag gebring. Dit is in alle koerante in Europa gerapporteer en strome kommentaar op Twitter en Facebook het gevolg.

Dit is verblydend om te verneem dat onder die Zuma-bewind daar klaarblyklik ’n groter openheid met betrekking tot misdaadstatistieke is. Daar is vreemd genoeg in die buiteland (Nederland) redelik goed boekgehou van die stand van plaasmoorde deur ’n oud-Suid-Afrikaanse joernalis, Adriana Stuit (ajstuijt@hotmail.com). Volgens haar en ander navorsers, soos Gregory Stanton, is reeds in 2002 aangedui dat blanke Afrikanerboere die groep mense is wat die meeste bedreig is en dat daar ’n sistematiese “volksmoord” onder hierdie groep plaasvind. Dit is ook bevestig deur die wêreldwye organisasie “Genocide watch”. Hulle meen dat die kans om vermoor te word in ’n stad soos Londen, een uit 100 000 is, terwyl die kans as blanke Afrikanerboer om in Suid-Afrika vermoor te word soveel as 310 uit 100 000 is! Ouer statistieke toon ook dat daar jaarliks 313 sodanige boere uit elke 100 000 vermoor is, teenoor 153 polisielede uit 100 000 mense (en polisie-werk is per definisie ’n gevaarlike beroep!).

Dit is duidelik dat plaasmoorde ’n verskriklike realiteit in die Suid-Afrikaanse gemeenskap is en nog steeds toeneem.

Dit is derhalwe duidelik dat plaasmoorde ’n verskriklike realiteit in die Suid-Afrikaanse gemeenskap is en dat dit nog steeds toeneem. Daarmee gepaard gaan ook die trauma waardeur alle betrokkenes gaan. Hierdie trauma raak nie net die agtergeblewe gesinslede nie, maar ook werkers op die plaas en het uiteindelik gevolge in wyer kringe soos die plaaslike gemeenskap en uiteindelik ook die land se

ekonomie. Hierdie aspekte sal verder in die artikel bespreek word.

Agtergrond tot plaasmoorde

Omdat daar nog nie omvattende navorsing gedoen is wat die finale dryfvere tot plaasmoorde aandui nie, kan die presiese redes vir hierdie aanvalle en moorde nog nie op geldige, wetenskaplike wyse geverifieer word nie. Die persepsies of vertrekpunte van die aanvallers by plaasmoorde is nog nie na behore nagevors nie en 'n mens kan moeilik al die motiewe tot die moorde aandui. Daar is aanduidings dat die uitspraak van die afgestorwe ANC-leier, Peter Mokaba: "Kill the boer, kill the settler", ook meegehelp het om spesifiek plaasmoorde aan te wakker. Alhoewel hierdie spreuk later as haatspraak verklaar is, het dit steeds gevolge gehad en is dit selfs by sy begrafnis geskreeu.

Navorsing het wel enkele sake aangedui wat die dryfveer agter plaasmoorde aandui, naamlik:

- diefstal;
- rassespansing;
- intimidasie om boere van hulle plase te verdryf;
- inkomstegaping tussen die grondeienaars en histories-benadeelde gemeenskappe;
- wraak en vergelding;
- ander redes soos byvoorbeeld haat en politieke redes.

Wat egter nie verklaar kan word nie, is die wreedaardigheid waarmee baie van hierdie aanvalle en moorde gepaard gaan.

Wat egter nie verklaar kan word nie, is die wreedaardigheid waarmee baie van hierdie aanvalle en moorde gepaard gaan, soos verbranding, verminking en verdrinking, om maar enkele verskriklikhede te noem. Selfs net om sommige van die

foto's van hierdie slagoffers te sien, kan 'n vorm van trauma veroorsaak. Die outeur het ongeveer ses jaar gelede 'n verhandeling oor die onderwerp gelees en by die aanskoue van die foto's in die studie, die heeldag daarvan siek gevoel.

Gevolge van plaasmoorde

Wat nie altyd beseft word nie, is die verreikende gevolge wat een plaasmoord op die gesin, die gemeenskap en die ekonomie kan hê. Dit kan selfs werkloosheid en verskuiwing van plaaswerkers tot gevolg het. Alle groepe ly dus onder plaasmoorde en daar is geen wenners nie.

Plaasmoorde het verreikende gevolge vir die gesin, die gemeenskap en die ekonomie. Alle groepe ly onder plaasmoorde en daar is geen wenners nie.

Die gevolge word kortliks genoem:

- Eksterne trauma in die omgewing na 'n enkele plaasmoord.
- Indien die broodwinner op die plaas vermoor word, stop alle inkomste.
- Dikwels hou boerderybedrywighede op die plaas ná so 'n moord op.
- Die gemeenskap ly ekonomies daaronder. Kleiner plattelandse gemeenskappe het agteruitgegaan en ekonomies begin sukkel na 'n reeks plaasmoorde.
- Landboubedrywighede word landswyd geraak, wat weer nasionale voedselproduksie beïnvloed en verminder.
- Vuurwapens wat geroof word, word weer in ander misdade gebruik.
- Ekstra sekuriteit kos duisende rande wat bestaande boere se uitgawes verhoog.
- Kinders van boere verlaat die plaas en weier om verder te boer na so 'n moord.

- Agterdog en vertroebelde verhoudings ontstaan op plase en in die omgewing.
- Daar is ook sprake van “sekondêre trauma”: die hulpgewers en veiligheids-personeel word ook later geaffekteer as gevolg van die blootstelling aan gedurige traumasituasies

Hantering van trauma by plaasmoorde.

Soos met enige ander trauma, is dit uiters belangrik dat die agtergeblewenes van plaasmoorde dadelik hulp moet ontvang (verkieklik binne 24 uur). Daar is voorbeelde van mense wat na die sogenaamde “bosoorlog” en ander traumatiese gebeurtenisse nooit hulp ontvang het nie en jare later steeds emosionele probleme oorhou wat hulle huwelike beïnvloed en selfs aliholisme en ander substans-afhanklikheid tot gevolg het.

Navorsing toon aan dat daar direk na so ’n aanval skok, woede en skuldgevoelens en amper onhanteerbare emosies by betrokkenes kan ontstaan. Hierdie sake moet hanteer word volgens die normale terapie vir trauma deur middel van “ontlonting” (*debriefing*). Dit sal onder meer beteken dat die getraumatiseerde persoon soveel as moontlik moet kans kry om oor die gebeurtenis te praat, al sou dit hoe pynlik wees. Hiermee saam moet sover moontlik uiting gegee word aan rou emosies, aangesien dit die helingsproses aanhelp. Professionele hulp van beraders, maatskaplike werkers, sielkundiges en predikante wat opleiding in traumahantering ontvang het, is uiters noodsaaklik. Die belangrikste wat enige persoon kan doen, is om binne 24 uur hulp te kry na enige trauma!

Die belangrikste wat enige persoon kan doen, is om binne 24 uur hulp te kry na enige trauma!

Medemense van die persoon wat trauma beleef het, kan ook help deur bloot “daar te wees” en na die ander persoon te luister. Raad aan ander mense wat met trauma-slagoffers gesels, is gewoonlik dat

hulle nie moet probeer “antwoorde” gee waarom God dit toelaat nie, of op kognitiewe vlak redes probeer gee nie. ’n Stille teenwoordigheid en luisterende oor beteken baie! Dink hier aan Job se drie vriende (Job 2:11-13) wat sewe dae en sewe nagte by hom gesit het en op hierdie manier hom ondersteun het. Die probleme het begin toe hulle probeer verduidelik het wat presies met hom gebeur het en hoekom. Volgens die Skrif (vgl. Job 42:8) was hulle uiteindelik steeds verkeerd; hulle stilte was briljant, maar hulle baie gepraat het hom net meer verwar en was nie eers feitelik korrek nie!

Ondersteuning kan ook op ander praktiese maniere geskied soos om te help met ander reëlins op die plaas wanneer alles na so ’n plaasmoord tot stilstand kom, of om kos en ander hulp te voorsien. Die hofsake wat dikwels volg, vra ook vir ondersteuning van ander aangesien dit die trauma opnuut laat herleef in mense se gemoed.

Een van die moeilikste sake by plaasmoorde is die vergewing van die misdadiger deur die agtergeblewenes van die slagoffer(s).

Een van die moeilikste sake by plaasmoorde, is die vergewing van die misdadiger deur die agtergeblewenes van die slagoffer(s). Uit Bybelse en ’n geloofsperspektief is vergewing baie belangrik. Dit beteken vir die traumalyer self bevryding. Dit is dus noodsaaklik dat die traumalyer, wanneer die ergste emosie verwerk is en behoorlike ontlonting plaasgevind het, hulp kry van ’n professionele persoon en/of die predikant om volledig te vergewe.

Slot

Aangesien plaasmoorde so ’n groot gedeelte van die misdaadstatistiek uitmaak en so ’n radikale invloed op baie mense se lewens het, is die korrekte hantering daarvan uiters noodsaaklik. Dit raak nie net die agtergeblewe familie nie, maar ook die plaaswerkers en die hele gemeenskap.

Dit is derhalwe uiters noodsaaklik dat al die mense hulp moet ontvang om 'n plaasmoord te verwerk om verder 'n normale lewe te kan lei.

Dit is uit 'n prinsipiële en etiese oogpunt ook uiters belangrik dat werk gemaak moet word om plaasmoorde nie alleen te verminder nie, maar heeltemal stop te sit. Vanuit Bybelse perspektief is dit primêr die verantwoordelikheid van die staatsgesag (vgl. Rom. 13), maar alle ander instansies

soos kerke, gemeenskapsorganisasie en georganiseerde landbou sal ook moet meewerk om hierdie “kanker” uit die samelewing te roei. Die pers kan ook 'n invloed uitoefen in die hantering van hierdie probleem. 'n Meningsvormende blad soos *Woord en daad* kan meewerk aan die bewusmaking daarvan om plaasaanvalle en plaasmoorde te veroordeel en te pleit op hernude aandag aan die probleem.

Jordaan, Tiaan. 2006. Openbaring vandag: die boodskap agter die beelde.

Wellington: LuxVerbi.BM. 303 p. Prys: R99,95. ISBN: 978 0 7963 0516 9.

en

Du Rand, Jan. 2007. Die A-Z van Openbaring: 'n allesomvattende perspektief op die boek Openbaring. Vereeniging: Christelike Uitgewersmaatskappy. 667 p.

Prys: R249, 95. ISBN: 978-1-77000-459-7.

en

König, Adrio. 2009. 'n Perspektief op Openbaring. Vereeniging: Christelike Uitgewersmaatskappy. 429 p. Prys: R129, 95. ISBN: 978-1-77000-671-3.

Resensent:

S.C. Lourens

Buro vir Wetenskaplike Tydskrifte, Noordwes-Universiteit

Vir baie gelowiges is die boek Openbaring eintlik 'n vreemde, geslote boek met al die simboliek, beelde en visioene. Daar het al talle boeke (verklarings en kommentare) oor Openbaring verskyn – bogenoemde drie boeke is slegs enkele voorbeelde van boeke wat in die afgelope paar jaar verskyn het. Die verskillende boeke vul mekaar aan en kan lesers verryk en help om met verwondering en eerbied dieper in die geheimenis van die Godsopenbaring te delf.

Jordaan fokus op die verrassende boodskap vir hedendaagse lesers wat agter die geheimsinnige beelde in Openbaring verskuil lê: die vier kleurperde van die apokalips, die twee getuies, die antichris, die nommer 666, die duisendjarige vredestryk, Armageddon en die nuwe Jerusalem – om maar enkele te noem. Hy wil Openbaring se profetiese boodskap vir ons duidelik laat klink, naamlik om te bly volhard met die oog gerig op God.

Du Rand wys in sy boek daarop dat al die dramatiese gebeure (beeldspraak, visioene en simboliek) in Openbaring eintlik gaan oor die erkenning van God se alleenheerskappy op aarde, soos wat dit alreeds in die hemel erken word. Die groot troos vir gelowiges is dat God steeds in beheer is en tot aan die einde sal bly – Hy hou die heelal veilig in sy hande. Elke gelowige is deel van God se program vir die wêreldgeskiedenis.

König gee 'n vers-vir-versverklaring van elke hoofstuk in Openbaring om daardeur die betekenis van die gebeure, getalle en simbole duidelik te maak. Elke hoofstuk bevat aan die einde 'n aantal vrae (“Selfdoen of saamdoen”) om die leser te lei in sy nadenke oor die hoofstuk. Die boodskap en geheelbeeld bly egter dieselfde: God is in beheer en aan die werk. Die gelowiges moet Hom erken as die alleenheerser en dus in die geloof volhard te midde van die swaar tye (eindoordeel) wat aan 't gebeur is en nog sal kom.

Al drie hierdie boeke belig Openbaring vanuit 'n eie perspektief en lê klem op iets anders.

'n Roman uit die hart van Naspers

Prof. J.D. Froneman
Skool vir Kommunikasiestudies,
Potchefstroomkampus, Noordwes-Universiteit

Suid-Afrika se media het sedert 1990 merkwaardig verander weens politiek-gedrewe en handelsgedrewe transformasie. Daar is egter nog min daaroor geskryf. 'n Nuwe roman, *Om na 'n wit plafon te staar*, deur 'n voormalige Naspers-joernalis, Jaco Kirsten, gee nou 'n kykie op hoe die uitgewer van die groot gros Afrikaanse koerante en tydskrifte getransformeer word.

'n Nuwe roman, *Om na 'n wit plafon te staar*, deur 'n voormalige Naspers-joernalis, Jaco Kirsten, gee nou 'n kykie op hoe die uitgewer van die groot Afrikaanse koerante en tydskrifte getransformeer word.

Voor ons oë het die media die afgelope byna twee dekades stuk vir stuk verander. Sommige veranderings, soos in die uit-saaiwese, was so drasties dat ons dit kwalik kon miskyk. Dink in hierdie verband aan die veranderings op TV (soos die koms van DSTv en e-tv), hoe die ou Afrikaanse radiodiens 'n wesenlik anders RSG binne 'n nuwe SAUK/SABC geword het en hoe 'n stuk of 100 gemeenskaps-radiostasies uit die niet opgeskiet het.

In die drukmediabedryf was veranderings eweneens omvangryk, hoewel die gewone leser seker nie altyd bewus is van wat agter die skerms gebeur nie. Eienaarskap van koerante is byvoorbeeld nie 'n saak wat almal interesseer nie, al het dit reg-

streekse gevolge vir wat 'n mens te lese kry.

Die verkoop van koerantuitgewers soos Times Media (eers hernoem tot Johnnic, toe Johncom en nou Avusa) en Argus (nou genoem Independent) was inderdaad nie sonder gevolge nie. 'n String nuwe redakteurs, wesenlike veranderings aan die inhoud en allerlei nuwe publikasies was die gevolg.

Maar Naspers, die ou Nasionale Pers, het oënskynlik die eerste transformasiegolf vrygespring – die golf wat verandering van eienaarskap vooropgestel het. Die maatskappy wat in 1915 gestig is om Afrikaner-nasionalisme te bevorder, is nie aan 'n swart groep verkoop soos Times Media of Perskor nie.

Tog het alles nie maar dieselfde by die mediareus Naspers gebly nie. Inteendeel, meer as een program is van stapel gestuur om aandele teen baie gunstige voorwaardes aan “voorheen benadeelde lesers” beskikbaar te stel. (Dat gewone blanke Afrikaanse lesers nooit hierdie voorreg te beurt geval het nie, laat ons maar daar.)

Naspers se koerante het sterker nuusblaaië geword deurdat ideologie kant toe geskuif is.

Op die vlak van redaksionele leierskap lyk dinge vandag ook heel anders. *Volksblad* en *Kaapse Son* het bruin redakteurs gekry, vroue is redakteurs van talle publikasies (insluitende *Rapport*), talle senior

redaksionele posisies word nou deur vroue en gekleurdes beklee, en, les bes, 'n bruin man is nou in beheer van Media24, die filiaal wat die groep se publikasies beheer. Dis kwalik die Nasionale Pers waar wit Afrikaanse mans (met Nasionale Party- en Broederbondbande) die septer geswaai het – dankie tog daarvoor.

Naspers se koerante het sterker nuusblaaië geword deurdat ideologie kant toe geskuif is. Dit het die pad aangedui. Populistiese Nasperskoerante soos die *Kaapse Son* en die *Daily Sun* wys nou hoe koerante kan lyk wanneer aan lesers bloot gegee word wat hulle wil hê. Die laagste gemene deler is koning. Die maatskappy is ook aandelebeurs toe en het sy vlerke met wisselende sukses oorsee begin sprei. Die fokus het uitsluitlik na geld verskuif.

'n Mens sou ook kon sê dat Naspers met mening uit sy Afrikanerkokon gebreek het. Bo-aan die groeiende Naspersryk staan egter steeds Afrikaanse name soos Ton Vosloo en Koos Bekker. Moet jou egter nie laat mislei nie. Anders as die oudkoerantman Vosloo is Bekker bloot 'n sakeman. 'n Superryk sakeman, bygesê. Veranderings rakende eienaarskap, redaksionele samestelling en 'n inklusiewer inhoud van koerante en tydskrifte het gepaard gegaan met handelsgedrewe transformasie, dus 'n verskuiwing na kommersiële doelwitte as die *enigste*.

Veranderings rakende eienaarskap, redaksionele samestelling en 'n inklusiewer inhoud van koerante en tydskrifte het gepaard gegaan met handelsgedrewe transformasie.

'n Saak kan vir al bogenoemde veranderings uitgemaak word. Sommige was duidelik *moreel* gesproke nodig; ander het Naspers juis op 'n pad geplaas wat morele vrae oproep. Maar vir die buitestander is

dit moeilik om die vinger op sommige sake te lê. Al het jy 'n vermoede ...

Toe verskyn Jaco Kirsten se eerste boek, *Om na 'n wit plafon te staar*, en die gordyn skuif effens weg.

'n Mens moet dadelik toegee dat die boek 'n roman is – weliswaar 'n “reguit roman”, soos die omslag sê, maar tog formeel gesproke fiksie. Naspers en ander rolspelers word natuurlik nie by die naam genoem nie. 'n Skalkse keuse van name is Kirsten se binnepret, toeganklik vir *insiders* en ander wat Naspers darem effens ken.

Kirsten se weergawe van bepaalde gebeure is egter nie suiwer fiksie nie en klop met beskikbare inligting en met anekdotes wat ek deur die jare by kennisse in die pers en elders gehoor het.

Om na 'n wit plafon te staar lê waarskynlik dus op die vlak van Dirk Richard se feitegegronde roman van 'n paar jaar gelede, *Saktyd vir 'n persbaas*. Laasgenoemde roman is deur mense bekend met die Perskor/Naspersstryd van vroeër as wesenlik juis bestempel.

Waar feite vreemder is as fiksie, kan dit soms net as *fiksie* aangebied word. Ook Naspers se transformasie, lyk dit my, is 'n vreemde wêreld wat moeilik deur 'n mediahistorikus blootgelê sal kan word. Vandaar die belangrikheid van Kirsten se “fiksie”.

Kirsten hoef nie sy pad deur die streng vereistes van geldigheid en betroubaarheid en die beperkings van navorsingsetiek te laat blokkeer het nie. Hy het juis in 'n onderhoud met *Rapport* aangedui dat sekere dele van die boek direk uit sy aantekeningboekie kom waarin hy gebeure noukeurig opgeteken het. Dit maak sy weergawe natuurlik nie onaanvegbaar nie, maar is tog 'n aanduiding dat die “korporatiewe geskiedenis” waarskynlik nie uit sy duim gesuig is nie.

Die deels outobiografiese roman speel af binne die huidige Naspers-in-transformasie, binne die “hoë gebou” naby die hawe in Kaapstad, dus Naspersentrum. *Die*

Kapenaar is duidelik *Die Burger*, vir wie die outeur as motorjoernalis gewerk het.

Om na 'n wit plafon te staar vertel die storie van die karakter Lourens Erasmus se groeiende ontnugtering met die joernalistiek wat hy bedryf, sy koerant, die transformasie van die maatskappy, die katastrofe van ondeurdagte swart bemagtiging, die verval van die land onder 'n regering wat ideologie bo gesonde verstand verkies. Lourens klink soms soos 'n ontnugterde Tim du Plessis, of soos 'n klomp ander destydse lofsangers van die nuwe reënboognasie. Die dialoog is net veel meer aards as wat 'n mens in *Beeld of Rapport* sal lees.

Kirsten kry sy stekies in na mede-joernaliste wat so lekker by die motorjoernalistiek krip staan. Ook na die kripvreters van vroeër wat nou, o so politiek-korrek, agteroor buig om te wys hulle is nie (meer) "rassisties" soos die ontevredenes nie; die kruipers wat alte bang is hulle word ook in hulle middeljare vervang (eerder as om met 'n lekker joppie en vetter pensioen beloon te word), en dies meer.

Daar is ook die transformasie-werkwinkel ... waar wit Afrikaanse mans (soos die hoofkarakter Jaco, ek bedoel "Lourens") herprogrammeer moet word om regstellende aksie as nie-diskriminerend te aanvaar. Ek laat dit maar daar, want dit is 'n belangrike gedeelte in die boek wat elke leser maar self moet ervaar.

Vir baie lesers sal dit nie vreemd voordoen nie: die storie van die groot Afrikaanse Kaapse Pers is die storie van talle ander voormalige Afrikaanse ondernemings. Ook by hulle kruip die waarheid maar stadig deur die krake. Meer dikwels stol dit weens mense se vrees.

In sy uitnemende outobiografie, *On the contrary*, lig Tony Leon eweneens die sluier op mediatransformasie. Sy bronne is anders en sy genre nie-fiksie. Maar dit klink nogal soos Kirsten se fiksie.

Leon verwys na die SAUK, die lagwekkende Braude-onderzoek na "subliminale rassisme" in die media, en die verkoop van Anglo-American se koerantbelange. Meer nog, hoe redakteurskappe op grond van ras (en politieke affiliasie) uitgedeel is – soms met rampspoedige gevolge.

Saam vertel fiksie en nie-fiksie 'n minder rooskleurige verhaal. Maar die waarheid kom nou stuk vir stuk aan die lig. Mediahistorici sal vorentoe die verhaal van 'n dubbeldoor-transformasie kwalik kan probeer ontrafel sonder om van Kirsten en Leon se boeke kennis te neem.

Naskrif: Gee die duiwel wat hom toekom: Kirsten se boek is uitgegee deur Tafelberg, wat deel is van die Naspersgroep.

Smit, Nina, *samest.* 2008. Die groot boek van Christelike aanhalings. Vol. 2. Vereniging: Christelike Uitgewersmaatskappy. 687 p. Prys: R149, 95. ISBN: 978-1-77000-545-7.

Resensent: S.C. Lourens
Buro vir Wetenskaplike Tydskrifte, Noordwes-Universiteit

Nina Smit het oor baie jare die aanhalings in hierdie boek versamel uit tydskrifte, preke, onderhoude, koerante, boeke en gesprekke en waar sy ook al 'n mooi aanhaling ontdek het. Die uiteinde was *Die groot boek van Christelike aanhalings* wat ongeveer 10 000 aanhalings bevat. Die aanhalings is geklassifiseer en alfabeties gerangskik – dit is dus betreklik maklik om gepaste aanhalings oor 'n spesifieke onderwerp deur middel van die inhoudsopgawe op te spoor. Alhoewel die bron by sommige aanhalings as anoniem aangegee word (wat te verstane is), word daar tog 'n persoonsnaam of bron by die meeste aanhalings aangedui.

Die aanhalings is sielskos – vertroostend, aanmoedigend, vermanend, geloofsversterkend en soms vol borrelende lewensvreugde en blydskap. Hierdie bundel is werklik 'n aanwinst op enige boekrak en 'n moet vir elkeen wat 'n vreugde in woorde vind.

Reaksie op “Die implikasie van die GKSA se 2009-sinodebesluit rakende die vrou in die regeeramp”

(A.L. Rheeder. *Woord en Daad*, 49(409):34-36, Lente, 2009.)

D.C. Coetsee,
Stompneusbaai

(Vir die volledige rapport sien: [www.Gereformeerde Kerke in SA](http://www.GereformeerdeKerke.inSA.org) onder “Handelinge van die Sinode 2009” saak 21: “Beswaarskrif Klassis Krugersdorp 2”, p. 595-683.)

Rheeder se bydrae is onbevredigend omdat hy nie aandag gee aan die agtergrond en konteks van die sinodebesluite nie en ook weinig, indien enige, Skriftuurlike begroning vir sy argument verskaf. Sy artikel handel oor die sekularisties-/humanistiesgefundeerde “gevolge” van die besluit: dit veroorsaak “pyn”, dit tas die “geloofwaardigheid” van die GKSA aan omdat dit “impliseer dat man en vrou nie as gelykes gesien word nie” en dit bevestig ’n “patriargale opvatting oor manlikheid ... Volgens die sinodebesluit kan man en vrou nie as gelykes gesien word nie”.

Agtergrond

Na ongeveer 30 jaar se studie (insluitend ’n omvattende lys bronne en die bevindings van ander kerke van gereformeerde belydenis) oor die posisie van vroue in die kerk van die Here en besonderlik ten opsigte van hulle verkiesbaarheid tot die “besondere ampte”, het die 2009-sinode van die GKSA besluit dat vroue volgens die Bybel wel as diakens mag dien, maar nie as ouderlinge of predikante nie.

Die studiekommissie was eenstemmig ten opsigte van “90%” van die bevindings en aanbevelings, maar het uiteindelik die sinode met twee rapporte bedien rakende die punte waarop die lede verskil het. Subkommissie A het bevind “God openbaar dat geslag nie ’n rol speel in die roeping om in die besondere dienste te

dien nie” (10.14.11), terwyl subkommissie B aangevoer het dat Bybelse gronde bestaan teen die vrou in die besondere dienste van ouderling en predikant, maar nie teen die vrou in die diakenamp nie.

Die 2009-sinode van die GKSA het besluit dat vroue volgens die Bybel wel as diakens mag dien, maar nie as ouderlinge of predikante nie.

Nadat die rapport vir twee dae lank op die sinodesitting bespreek is, is na besondere voorbeding gestem oor die aanbevelings. Die uitslag was dat ongeveer 60% van die afgevaardigdes vir subkommissie B se aanbevelings gestem het en dus besluit is dat vroue as diakens mag dien, maar nie as ouderlinge of predikante nie.

Die besluit het ’n uitgebreide polemiek, oorweldigende negatiewe reaksies in die kerklike en openbare pers en groot ontsteltenis onder baie lidmate van die Gereformeerde Kerke veroorsaak. Maar dit het ook tot groot dankbaarheid gelei.

Relevante vrae in die beoordeling van die besluit en die gevolge daarvan is onder andere:

- Kan uit die rapport en sinodeprosedures ’n verklaring gevind word vir die onverkwiklike “botsende” bevindings en

aanbevelings van die twee subkommisies en die daaropvolgende besluit?

- Hoe moet die “leiding van die Heilige Gees” verstaan word in ’n stemming van 60% vir en 40% teen ’n aanbeveling?
- Watter implikasies het hierdie besluit vir die kerk en individue?

In die rapport gee die kommissie (eenstemmig) riglyne wat hulle neergelê het vir en werklikhede waarmee hulle moes rekening hou in hulle werksaamhede. Daarvan is die volgende van besondere belang:

- “7.1 Die evaluering van die eksegeese: ... Vanweë ons menslike beperktheid en ons sondigheid ... kan dit gebeur dat eksegete ... tog ’n Skrifdeel verskillend verstaan – selfs binne een kerkverband ...”.
- Daar moet deurlopend rekening gehou word met (7.4.1.1) “... die duidelikheid van die Skrif (met) die volgende implikasies:
 - In die gereformeerde hermeneutiek is die *aksiomatiese* (vasstaande) en nie die *problematiese* (aanvegbare, onduidelike) die vertrekpunt en daarom word in enige openbaringshistoriese/eksegetiese ondersoek altyd begin by die Skrifdele wat duidelik(er) oor ’n saak spreek en vandaar beweeg na die gedeeltes wat minder duidelik sou wees. Die Skrif is hierdeur sy eie verklaarder.
 - Omdat God se openbaring ’n ontvouende karakter het, moet in ag geneem word dat latere Skrifdele op vroeëre dele berus en daarop voortbou, en dat dit dikwels ’n meer volledige perspektief op die onderhawige saak gee”.
- “7.4.2.1 Plasing binne die historiese konteks (sosiaal, ekonomies, polities, godsdienstig, ens):

... die betrokke perikoop/boek moet dus verklaar word *met deeglike inagneming van die tersaaklike kultuurhistoriese*

gegewens ... Die benadering is ’n gebalanseerde kultuurhistoriese benadering wat die kultuurhistoriese situasie waarop die Skrifdeel gerig is, konstrueer”.

“7.6.2 Verrekening van die huidige konteks in die hermeneuse:

Die tersaaklike fasette van die huidige konteks ... moet so in die hermeneuse verreken word dat dit tot ’n geldige toespitsing van die eksegeese lei ... Die betrokke perikoop skryf dus self voor op watter tipe sake in die huidige situasie die teksboodskap gerig is.”

“7.6.3.6 Hermeneuse as gawe van profesie:

Vir die hermeneuseproses ... is die gawe van profesie wat God deur sy Gees gee, onontbeerlik (vgl. Rom. 12:6-7; 1 Kor. 14:3). By die hermeneuse is dit belangrik dat die eksegeese ook ’n analise maak van die sosiale konteks. Natuurlik beteken dit nie dat die sosiale konteks van die hoorders bepalend mag wees vir wat God sê nie, of ’n veto kan plaas op die resultate van die eksegeese nie. (Die hermeneuse) moet berus op die resultate van die eksegeese en sorgvuldig rekenskap gee van al die onderdele van die teks ...”.

Moontlike redes vir die uiteenlopende aanbevelings en die probleem om die leiding van die Heilige Gees te verstaan

Die Heilige Gees lei in die eerste plek deur die Woord. Gebreke in die hantering en die verstaan van die Woord lei dus tot probleme met die leiding van die Gees ten opsigte van besluite – net soos die korrekte hantering van die Skrif duidelike en geldige besluite onder leiding van die Gees vergemaklik. Dit beteken nie dat die Gees, ondanks gebreke in die verstaan en hantering van die Skrif, nie tog tot die regte besluite kan lei nie.

Die redes vir die uiteenlopende aanbevelings en die probleme rondom die verstaan van die leiding van die Heilige Gees kan die volgende wees:

• **Gebreke in die veld van ondersoek en metodiek**

Die rapport gaan mank aan die bestudering van en hantering van belangrike openbaringshistoriese gegewens. Voorbeelde hiervan is:

- Daar is nie genoeg aandag gegee aan die onhoudbaarheid van Subkommissie A se bevinding dat die gelykwaardige Godgegewe rolle van die man (hoof) en vrou (hulp) in Genesis 1-2 slegs op die huwelik betrekking het en nie ook op die kerk nie. Dit is tog duidelik dat die gevolge van die sondige omruiling van hierdie rolle (Gen. 3:17) nie slegs tot die huweliksverhouding beperk is nie, maar alle verhoudings (trouens, die hele skepping) negatief beïnvloed (Rom. 8:19-22). Die Bybel openbaar dat die verhouding van man en vrou en die vervulling van hulle Godgegewe rolle 'n skeppingsordonnansie is. Dit moet dus bowenal in die kerk, die venster na die koninkryk, die “eersteling” van die nuwe skepping, eerbiedig word. Hoe dit breër uitgewerk en toegepas moet word in die ontplooiing van die menslike samelewing, is deel van die kultuuropdrag.

Die rapport gaan mank aan die bestudering van en hantering van belangrike openbaringshistoriese gegewens.

- Die ontkenning van die openbaringshistoriese betekenis van die aanwysing deur Jesus van twaalf mans as apostels (“leiers/hoofde”, grondleggers; Ef. 2:20; 10.3.8.2) in die kerk (die deur God-bedoelde venster op die koninkryk van God in die wêreld).
- Die ignorering van Openbaring 4 as die kulminasie van die herstelde koninkryk van God (die sin van die geskiedenis en die kerk) waar die ouderlinge (mans) as verteenwoordigers van die kerk ewige hulde aan God bring.

- Die afwesigheid van woordstudies om te kontroleer of die Griekse woorde vir byvoorbeeld amptelike “verkondiging” en “regeer” wel in verband met vroue in die kerk gebruik word. Is daar voorbeelde daarvan in die Nuwe Testament?

Die bostaande voorbeelde illustreer dat nie genoeg erns gemaak is met die uitgangspunte van die studie soos in 7.4.1.1 (sien bo) geformuleer is nie.

• **Gebreke in die argumente van die subkommissies**

Subkommissie A se argumentasie: Hoewel albei subkommissies bevind dat daar (ondanks die prinsipiële gelykwaardigheid van man en vrou) geen vroegkerklik-historiese of direkte Bybelse gronde vir die vrou in die regeer- en leerampte gevind kan word nie (10.1; 10.2.9; 10.4.6; 10.5.6; 10.6.7; 10.7.6; 10.8.4; 10.9.5), verklaar subkommissie A (10.7.6.3): “Die vrou kan in die besondere ampte dien op voorwaarde dat sy ...”. Vanuit hierdie onbewese aanname redeneer die subkommissie verder en kom, sonder duidelike Bybelse gronde, tot die besliste konklusie: “God openbaar dat geslag nie 'n rol speel in die roeping om in die besondere ampte te dien nie” (10.14.11).

Ten opsigte van subkommissie B is daar ernstige gebreke in hulle argumentasie teen die vrou in die amp in punte 10.9.5.1-3 en 10.9.6 – al stem hulle uiteindelijke bevinding ooreen met die Bybelse openbaringslyn.

• **Die invloed van buitebybelse faktore**

Die opmerkings in die rapport rakende “sosiale konteks” is belangrik (7.6.2 en 7.6.3.6) – ook vir die verstaan van God se openbaring toe en nou. Dit blyk dat die huidige sosiale konteks wel 'n deurslaggewende rol gespeel het in die aanbevelings van subkommissie A. In die rapport word opgemerk dat “... die saak (van die vrou in die besondere ampte) in die 20e eeu ... weer begin ...” bestudeer is (5.6.5) – die tyd van die opkoms van die feminisme en die sekularisme. In verklarings in die pers

(ook deur predikante en lidmate van die Gereformeerde Kerke) is nie (vir sover ek weet – DCC) kritiek uitgespreek teen die Bybelse begroning van die sinodebesluit nie, maar daar is aangevoer dat die besluit in die huidige sosiale konteks onaanvaarbaar is (selfs in stryd met die Grondwet), 'n liefdelose minagtende houding teen vroue openbaar en 'n manifestasie is van 'n uitgediende patriargale paradigma. Geeneen van die teenstanders van die sinodebesluit het hulle, sover my wete strek, in die openbaar teen hierdie buitebybelse argumente en houdings uitgespreek en hulle daarvan gedistansieer nie.

Beoordeling van die implikasies van die sinodebesluit

Rheeder voer in bogenoemde artikel aan dat daar (opsommend; formulering – DCC) drie besondere negatiewe implikasies van die sinodebesluit is.

- “Dit veroorsaak pyn by diegene wat vir die vrou in die amp is en vir vroue wat hulle tot die besondere ampte geroepe voel.”

Dit is ongelukkig so. Ek neem ook aan dat diegene wat “teen die vrou in die amp” gestem het, dit gedoen het met die wete dat andere pyn aangedoen sou word – en watter Christen wil ander mense pyn aandoen? Uit bostaande uiteensetting van die konteks waarin die besluit geneem is, is dit duidelik dat, indien die besluit “vir die vrou in die amp” geneem was, daar ook groot pyn sou moes gewees het. Met die lig wat die sinode gehad het, sou so 'n besluit selfs groot pyn in die hemel moes veroorsaak het. Dus: onderwerping aan die Woord van God en sy waarheid is meestal pynlik, maar dit is deel van die pad van heiliging wat elke gelowige (en die kerk – *semper reformanda*) hier op aarde voortdurend moet loop. Twee aspekte van daardie pad is dat die kerk moet loskom van die neiging om betekenisvolle bediening noodwendig aan die besondere ampte te koppel en ook moet loskom van sy verwaarlosing van die amp van die gelowige (volgens elke lidmaat se gawes van die Gees) en die gevolglike verarming van sy bediening.

- “Dit bring die geloofwaardigheid van die GKSA onder verdenking.”

Die teendeel is eerder waar. Die kerk is met die besluit inderdaad 'n lamp vir die wêreld: die kerk is God s'n, 'n unieke organisme, die venster op die koninkryk waar God se skeppingsordonnansies in beginsel herstel en steeds eerbiedig word. Die kerk is nie 'n demokratiese instelling, onderworpe aan die wispelturigheid van kulturele modes en wisselende morele opvattinge nie, maar is inderdaad die “huis van die lewende God ... pilaar en grondslag van God se (onveranderlike) waarheid” (1 Tim. 3:15 – dikwels aangehaal in die sinoderapport). Die ware kerk maak vrede daarmee dat die geopenbaarde waarheid altyd 'n struikelblok, dwaasheid en aanstoot sal wees vir die wêreld (1 Kor. 1:21-25) – en tog gehoorsaam die ware kerk. Dit is die enigste waarborg vir sy geloofwaardigheid.

- “Die besluit werk misbruik, uitbuiting en diskriminasie teen vroue in die hand – of werk dit minstens nie teen nie.”

Die kerk het die bevindings van die rapport ten opsigte van die menswaardigheid van vroue ten volle onderskryf. Enigiemand wat die besluit wil misbruik om vroue se menswaardigheid en gelykwaardigheid in die samelewing of die kerk aan te tas, sal die besluit en die rapport kwaadwillig moet verdraai. Ten opsigte van die kerk gaan dit om gelykwaardige Godgegewe rolle, nie om posisies van minder- of meerderwaardigheid nie.

Die ware kerk maak vrede daarmee dat die geopenbaarde waarheid altyd 'n struikelblok, dwaasheid en aanstoot sal wees vir die wêreld (1 Kor. 1:21-25) – en tog gehoorsaam die ware kerk.

Rheeder se artikel is dus onoortuigend weens die afwesigheid van Skriftuurlike begroning en inagneming van die kon-

teks waarin die besluit geneem is. Dit wek kommer oor hoe ver die “sosiale konteks” as hermeneutiese instrument (die verstaan en toepassing van die Bybel word uit-

eindelik bepaal deur die huidige situasie) al sy slagoffers in die reformatoriese wêreld geëis het.

Smalley, Gary. 2008. *Beleef ’n inniger verhouding met God*. Vereeniging: Christelike Uitgewersmaatskappy. 167 p. Prys: R79,95. ISBN: 978-1-77000-480-1.

Resensent: *J.P.L. Reinecke*
Emeritus professor: Potchefstroomkampus,
Noordwes-Universiteit

Hierdie sagtebandboek is tegnies netjies versorg. Ek het nie die oorspronklike uitgawe gelees nie, dus kan ek die noukeurigheid van die vertaling nie beoordeel nie. Die vertaler, Rosalie van Aswegen, verdien ’n pluimpie. Die vertaling lees maklik. Dit is in ’n groterige font geset en ouer mense kan dit sonder inspanning lees.

Gary Smalley is ’n gesinsberader, president en stigter van die *Smalley Relationship Center* (eers in Waco, Texas en verskuif later na Phoenix in Arizona) en “outeur” van meer as 40 boeke oor gesinsverhoudings vanuit ’n Christelike perspektief. Ek skryf outeur in aanhalingstekens omdat Smalley skryfspanne gebruik. In die geval van hierdie boekie het sy skryfspan uit drie lede bestaan. Van sy boeke *If only He knew* en *For better or for best* is volgens Wikipedia van elkeen meer as ’n miljoen eksemplare verkoop en hulle “have become marriage classics”.

In deel een van die boek vertel hy hoe sy sukses as gesinsberader, skrywer van boeke en aanbieder van seminare, wat ook gereeld oor radio en TV uitgesaai is, langamerhand sy persoonlike verhouding met God laat kwyn het. Hoofstuk 1 se opskrif is: “Sukses wat in ’n gemors ontaard het.” Op p. 21 vertel hy: “Subtiel en geleidelik het ek al minder op God en al meer op my eie wysheid en insig staatgemaak” en op p. 24 “Minute nadat ek ander geleer het oor woede het ek my humeur verloor”. Stres het byna sy lewe verwoes.

In Hoofstuk 2 vertel die skrywer hoe die Here ’n radikale transformasie in sy lewe bewerk het, nadat sy niere ingegee het en hy ’n nieroorplanting moes kry. Na die operasie het hy ’n boek wat ’n uitgewer aan hom gestuur het, *Deadly emotions* van dr Don Culbert begin lees en beseft dat sy stresvolle lewe buite beheer geraak het. Deur gebed en intensiewe Skrifstudie het hy sy verhouding met die Here herstel. Smalley vertel dat hy in hierdie proses belangrike skrifgedeeltes soos Deuteronomium 11:18-21 en Psalm 119:11-16 en ander gememoriseer het.

In die tweede gedeelte van die boek (hoofstukke 2-8) vertel Smalley breedvoerig hoe sy verhouding met die Here herstel is. Hierdie hoofstukke is so geskryf dat dit die leser sal help om sy eie verhouding met die Here te versterk. Aan die einde van elke hoofstuk is daar vrae en wenke en ’n sleutelvers (eintlik ’n Skrifgedeelte) om die leser daarmee te help. Elke hoofstuk is deeglik in die Skrif geanker. Ek verwys kortliks na net twee van die hoofstukke.

Hoofstuk 3: *Gee al jou verwagtings oor aan God*. Dit beteken volgens die skrywer (p. 53) om “my eie ego, trots, gemak en gevoel van eienaarskap en prestasie prys te gee ten einde God te verheerlik”. Hy haal op p. 58 vier skrifgedeeltes van “vyftien of twintig” wat hom hierin gehelp het, aan. Hy moedig die leser aan om die Woord van God te leer ken en elke dag weer te gaan lees wat God belowe het, om so elke dag herinner te word “van wie my krag kom, wie aan my lewe gegee het en wie steeds aanhou om my die lewe te gee” (p. 59).

Hoofstuk 6: *Aanbid God te midde van beproewings*. Ons weet “die lewe is moeilik” (p. 93). God gebruik lyding om sy uiteindelijke doel in ons lewe te bereik, naamlik om ons te vorm om soos Christus te wees. “Ek moet besluit om God te vertrou, al kan ek nie nou sien wat Hy besig is om met my te doen nie, wat dikwels die geval is.” (p. 92.) Hy is oortuig (p. 93) daarvan dat Romeine 8:28 altyd waar is: “Ons weet dat God alles ten goede laat meewerk vir dié wat Hom liefhet, dié wat volgens sy besluit geroep is”. Die skrywer moedig ons aan om nie die beproewings wat oor ons kom te ontken of in opstand te kom nie, maar om eerder te soek na wat God daardeur in ons lewens wil bereik, wat God se doel met die beproewing is. Hy het in sy eie lewe geleer om teëspoed te aanvaar “met die vreugde van die Here”. (p. 92). ’n Dankbare hart is ’n gesonde hart sê die skrywer (p. 89). Ons moet leer om terwyl ons pyn verduur, die Here te loof (p. 96).

Hoe beleef ’n mens ’n inniger verhouding met God? Die resep wat die skrywer gee, is eenvoudig: gebed en ’n intieme omgang met die Woord van God.

Aan die einde van die boek is daar ’n tiental kort oordenkings oor Kolossense 3 en ’n lys tekste onder die opskrif “Name en eienskappe van God”.

Die boek word van harte aanbeveel!

**Hanekom, B. 2009. *Ontwikkel die leier in jou kind*. Wellington: LuxVerbi.BM.
160 p. Prys: R99,95. ISBN: 978 07963 0936 5.**

Resensent: *J. Schoeman*
Neuro-Ontwikkelingskonsultant:
Cognitive Reinforced Memory Support

Leierskapsontwikkeling is deesdae ’n niswoord wat oral kwistig aangewend word. Dit wil die moontlike oplossing wees vir die talle vrae wat veral by ouers ontstaan, in die tyd wanneer hulle aktief betrokke is by die grootmaak van hulle eie en soms ook ander mense se kinders.

Almal weet dat leierskap aangeleer kan word en dat *voorbeeld* ’n kardinale rol speel. *Ontwikkel die leier in jou kind* is ’n praktiese, maklike en vinnig-leesbare boek wat elke ouer, wat die voorreg het om kinders groot te maak, op sy rak behoort te hê. Vandag is tyd skaars, maar Braam Hanekom slaag daarin om ’n magdom sinvolle wenke in ’n maklik leesbare vorm te verpak – ’n gebruiksvriendelike kleingids wat werklik rigtinggewend kan wees.

Vandag se ouers het nie noodwendig ’n stabiele voorbeeld van leierskap in hulle onmiddellike omgewing as kinders gehad nie. Hulle besef tog egter dat indien hulle hul kinders goed wil toerus en die verantwoordelikheid van ’n gebalanseerde opvoeding wil uitleef, hulle besliste aandag moet gee aan die ontwikkeling van hulle kinders as leiers op multidimensionele vlak.

Die boek is uit die perspektief van ’n vaderlike beleweniswêreld geskryf en dit kan moontlik die teikengroep in die keuse van die boek beïnvloed – ek, as vrou en ma van drie pragtige kinders, beaam egter dat hierdie boek deur albei ouers gelees behoort te word.

As konsultant wat al 30 jaar by leierskapsontwikkeling betrokke is, het ek groot waardering vir die volgende belangrike aspekte wat in die boek hanteer word. Dit is van onskatbare waarde as hulpmiddel om jou kind se opvoedingsproses te balanseer en jouself ook terselfdertyd geestelik en akademies op te voed. Belangrike fasette kan soos volg opgesom word:

- Die verskil tussen ’n sterk leidende rol en leierskap.
- Die vestiging van eienskappe wat pas as rolmodel en nooit die daarstelling van ’n supermodel nie.

- Gereedmaking om aan die smeltkroes van die lewe blootgestel te word.
- Waak teen 'n kind wat op geestelike vlak, as gevolg van 'n wanbalans in jou eie lewe, gestremd voorkom en sodanig leef.
- Keer terug na 'n etenstafel as bymekaarkomplek – bestuur die televisiekyk as hulpmiddel met 'n ferm hand – ontwikkel jou eie vermoë om stories te vertel en dit doelbewus met sinvolle lewenslesse te deurspek.
- Skep doelbewus 'n platform vir jou kind om in 'n veilige omgewing te leer om self te deel en sy ervarings te gebruik as waardevolle leerskool om hom-/haarself tot sy/haar volle potensiaal te kan ontwikkel.
- In die veiligheid van die gesin kan paradigmaskuiwe baie makliker plaasvind, omdat jou klankbord eg is, waar emosionele belewenis nie uitgebuit word nie en waar ouers hulle lewenservaring kan vermeng met die energie van gesonde samehorigheid.
- Die ontwikkeling van mens- en lewensvaardighede is kardinaal belangrik vir die vorming van 'n gebalanseerde kind.
- Gemaklike vestiging van 'n stabiele gesonde selfbewussyn is 'n voorvereiste om gesonde leierskap te kan ontwikkel.
- Leer die kuns van vergifnis vroeg vir jou kind – dit maak 'n gebalanseerdheid as grootmens soveel makliker – dit gee jou kind die geleentheid om relatief maklik 'n lewe vol passie en belofte te leef.

Die vestiging van 'n koershou-integriteit is en bly 'n godgegewe roeping wat elke ouer diep en ernstig moet nastreef.

Nürnberg, Klaus. 2009. Die Bybel: verantwoordelike lees is krities lees.
Wellington: Lux Verbi.BM. 320 p. Prys: R129,95. ISBN: 978 07963 1035 4.

Resensent: G. Snyman
Departement Ou Testament & Ou-Nabye Oosterse Studie,
Unisa

Klaus Nürnberg is emiritusprofessor van die Universiteit van Kwazulu-Natal waar hy Sisteitiese Teologie en Teologiese Etiek gedoseer het. Hierdie boek is 'n vertaalde en verwerkte weergawe van sy boek *Biblical theology in outline: the vitality of the word of God*. (2004. Cluster Publications, Pietermaritzburg).

Die boek bestaan uit drie dele: Deel I (vyf hoofstukke) – Hoe lees ons die Bybel verantwoordelik? Deel II (vyf hoofstukke) – Was God reeds in die Bybelse tye met sy mense oppad? en Deel III (twee hoofstukke) – Wat sê die Woord van God vir ons vandag? Die drie dele word omarm deur 'n voorwoord waarin beskryf word waaroor die boek handel en 'n nawoord onder die titel "God se antwoord op ons diepste vrae".

Nürnberg wil 'n alternatiewe opstel teenoor twee sienings oor die Bybel, naamlik een wat oorwegend klem plaas op die tydloosheid van die Bybel (verbale inspirasie) en die ander wat 'n reaksie is op die aanname dat die Bybel as 'n versameling godsdienstige geskrifte uit die antieke wêreld beskou word. Hy meen dat die Bybel nie tydloos is nie, maar ook nie bloot 'n versameling geskrifte is nie. Vir hom bly die Bybel 'n getuigenis van God se reddende en skeppende liefde as antwoord op spesifieke behoeftes en noodtoestande in die geskiedenis.

Hy wys op 'n interessante wyse hoe die Rasionalisme verantwoordelik is vir die gedagte van die "foutloosheid" van die Bybel via die oud-protestantse ortodoksie van die sewentiende eeu. Hy vra (p. 29): "As God volmaakte skrywers van die Bybel kon geskep het, hoekom het hy nie ook volmaakte lesers geskep nie?"

In die eerste vyf hoofstukke dui hy aan hoe volwasse gelowiges verantwoordelik (=krities) met die Bybel kan omgaan. Hy baseer sy siening oor volwassenheid op Galasiërs 3:23-4:7. Die mens is nie meer 'n kind of slaaf wat nie kan dink nie, maar iemand wat deur God bevry is en verantwoordelikheid opgedra is.

Maar wat maak 'n mens dan met sekere Bybeltekste wat vandag uiters problematies geword het (veral in hoofstuk 5)? Hy vind onderskraging om dié soort tradisies te bevraagteken in die Bybelskrywers self: Jeremia wat die teologie oor Jerusalem se onkreukbaarheid bevraagteken en Job wat tradisionele wysheid bevraagteken. Hy meen dat die leerstuk oor die onfeilbaarheid van die Bybel 'n groot struikelblok op die pad na 'n vreugdevolle geloof is (p. 39).

Nürnbergers skryf dat hy nie die eerste paar hoofstukke van sy boek met vreugde geskryf het nie. Hy wil nie afbreek nie, maar wil eerder skadelike tendense onder gelowige lesers uitwys (p. 80). Hierdie tendense kom na vore wanneer mense óf net die teks van agter lees, óf net van voor, óf net van bo, óf net van binne. Nie een van hierdie maniere is soos die Bybel dit sigself vir die mens aanbied nie, naamlik as 'n dinamies historiese proses (p. 84). God se Woord het self 'n menslike geskiedenis van groei en verskeidenheid, met 'n gemeenskaplike motief van God se skeppende en reddende liefde.

Hy skryf (p. 99): "As van mense verwag word om te glo wat nie geloofwaardig is nie, kry hulle die indruk dat geloof die opoffering van jou gesonde verstand vereis". Hy sien dat dit veral die geval is met leerstellings wat oor duisende jare vaste bestanddele van die Christelike geloof was. Hy meen die Nuwe Testament het baie maniere om die besondere betekenis van Jesus Christus uit te druk en nie een van daardie maniere mag letterlik vertolk word nie (p. 104). Die leerstukke aangaande Jesus definieer Hom in terme van sy Wese, maar Nürnbergers dink aan Jesus in terme van handelinge, naamlik God wat werk in en deur Jesus. As 'n mens in terme van sy Wese redeneer, kom 'n mens voor die paradoks van mens en God. Hierteenoor stel hy dat sy dissipels Jesus eers as mens ervaar het en mettertyd Hom as die messiaanse koning beskou het, dit wil sê die ware Mens. Met ander woorde, vir Nürnbergers gaan dit nie oor die twee nature nie, maar Jesus deur wie God sy reddende werk verrig het. Hy sien die verhaal van die maagdelike geboorte as een van die maniere waarmee Jesus as ware Mens uitgedruk is deur wie God sy reddingswerk bewerkstellig het.

Teenoor die manier om die Bybel van voor, agter, bo of binne te lees, stel Nürnbergers voor dat die Bybel van onder gelees moet word (p. 133). Dit beteken dat hy wil kyk hoe die mense van daardie tyd die tradisies oor God op hulle lewens toegepas het. Met ander woorde, hulle het gesien dat die tradisie aan hulle vertel het hoe God die voorvaders gehelp het en nou wil hulle weet hoe Hy hulle weer kan help (p. 156):

God het telkens mense opgetel waar hulle hulle bevind – in hulle spesifieke omstandighede, met hulle nood, hulle skuld, met hulle twyfelagtige motiewe, hulle onvoldoende insig en hulle tydgebonde wêreldbeskouing. Uit daardie omstandighede het God die mense dan 'n entjie verder gelei in die rigting van sy visie van omvattende welsyn. Mense het meer insig in God se plan met hulle gekry namate hulle in die moeilikheid beland en God se reddende antwoord gehoor het.

Vanuit hierdie raamwerk behandel Nürnbergers dan die messiaanse koningskap, offerandes, die skepping en die rol van die vrou in die samelewing. In deel drie vra hy die vraag: Wat sê die Woord van God vir ons vandag? Om dit te beantwoord, vat hy die leser eers 'n bietjie terug in die geskiedenis en wys op die afstand in tyd en kultuur tussen die leser vandag en die Bybel van destyds. Hy erken die rol wat die modernisme vandag speel en wat

laasgenoemde bereik het, stel hy hoog op prys. Maar hy dink ook dat die Bybel vandag nog steeds daarop kan inspeel, want die Bybelse kerntradisies kom telkens weer by moderne vraagstukke na vore (p. 289).

Voor hy by die nawoord uitkom, sluit hy sy argumente af met 'n vraag oor etiese verantwoordelikheid (p. 297):

Waardes en norme is nie ewige en onveranderbare wette wat bo alle omstandighede sweef nie. Die vraag is of die waardes en norme waarmee ons grootgeword het, nog altyd die lewe dien, of dit steeds die skeppingskrag en reddende liefde van God weerspieël en steeds vorentoe wys na God se visie van omvattende welsyn of heil.

Hy beklemtoon dit dat etiese norme nie in lugleegtes ontstaan nie, maar binne 'n historiese samehang. Daarom ag hy dit onverantwoordelik om die Bybel te gebruik asof dit die wil van God vir alle tye en omstandighede verwoord. Die Gees van God het die mense in die Bybel stap vir stap gelei en sal ook die moderne mens in die rigting van God se omvattende visie lei.

Vir die gelowige Bybelleser wat erns met die teks wil maak te midde van 'n konteks wat hemelsbreed van die kontekste verskil waarbinne die Bybel ontstaan het, bied Nürnberger se boek 'n handige kompas in 'n see wat nogal onstuimig kan raak.

Olivier, Helena, *samest.* 2009. *Ware verhale van hoop.* Wellington: Lux Verbi.BM. 303 p. Prys: R109,95. ISBN: 978 07963 0996 9.

Resensent: C. Reinecke
Potchefstroom

Hierdie is 'n aangrypende boek, maar nie die soort wat 'n mens nie kan neersit voordat jy dit klaar gelees het nie. Dáárvoor is die 23 verhale té deurtrek van pyn en lyding. Tog het die boek 'n positiewe doel, naamlik "om mense wat hartseer, pyn, verlies of ernstige ontwrigting beleef, daaraan te herinner dat 'n toekomsverwagting tóg moontlik is" (p. 9).

Die verhale is so geselekteer dat ten minste een van hulle die leser móét raak. Die mense wat die verhale vertel of oor wie die verhale vertel word, is "nuusmakers, bekendes én doodgewone mense" (agterblad). Die lyding van party spruit voort uit dinge wat met enigeen kan gebeur soos dat 'n geliefde in 'n motorongeluk sterf of dat ons met 'n ernstige siekte soos leukemie of nierversaking gediagnoseer word. Daar is egter ook verhale oor lyding wat veral by Suid-Afrikaners weerklank sal vind, omdat só baie van ons land se mense, net soos sommige vertellers in die boek, die gevolge van misdaad, geweld, brutale moord en verkragting ervaar het.

Die aard van die gebeurtenisse wat swaarkry meebring, varieer deurdat hulle jou enersyds onverwags kan tref soos 'n telefoonoproep wat jou inlig dat die seiljag met jou man aan boord vermis word, of 'n fratsongeluk waarin jou baba op jou eie erf sterf. Aan die ander kant kan pyn al jare lank jou metgesel wees: 'n ma se hart skeur keer op keer oor haar intellektueel gestremde seun; 'n vrou maak haar los uit 'n chaotiese huwelik en beland in 'n tweede huwelik wat net so afbrekend is; nog 'n vrou is deur 'n familielid misbruik vandat sy vyf jaar oud was; terwyl 'n weggooikind onthou hoe sy as 'n dogtertjie in die kombuis van die mense wat haar onderdak gegee het, moes werk en dikwels honger gaan slaap het. Apartheid is formeel beëindig, maar die neerslag van verontregting, pyn en vrees uit die jare van politieke opstand, onluste en moord slaan deur in enkele vertellings. 'n Paar vertellers het onvermydelik in die donker gat van depressie beland, terwyl dit ondenkbaar is hoe mense die een trauma na die ander kon oorleef het.

Ten spyte van hierdie donker prentjie is daar 'n sonneblom op die voorblad! Net soos elkeen van ons die een of ander vorm van pyn kan beleef, is daar ook vir elkeen hoop. Waar kom die hoop vandaan? Party vertellers toon weliswaar 'n ingebore geesteskrags om trauma te verwerk en ondanks hulle verlies of swaarkry voluit te lewe. Ander is egter broos en

kwesbaar vanweë 'n verskeidenheid redes – 'n eiesoortige persoonlikheid, 'n oorbeskermd kinderlewe of omstandighede waaroor hulle geen beheer het nie. Waar kom hulle krag vandaan?

Almal getuig – ook hulle wat innerlik sterk is – dat hy/sy nie sonder die ondersteuning van familie, vriende, kollegas en/of medegelowiges uit die donkerde sou kon kom nie. Ons hoor van 'n ma se “sterk woorde” (p. 154); kleuters, tieners en volwasse kinders dra 'n ouer of ouers; en vir 'n kind van Distrik Ses is haar agt susters na jare nog steeds alles in haar lewe. Selfs al is vuurloperij simbolies van jou vasberadenheid, is vriende jou behoud in goeie en in moeilike tye, sê die vrou van 'n man wat aan lewerversaking ly. Hoe innig is die woorde van 'n vrou wat haar man en twee van haar vyf seuns aan die dood afgestaan het (p. 118): “My vriende vou my toe in hulle arms en hulle harte klop saam met myne”. 'n Dialise pasiënt ontdek in die susters van die niereenheid “hartsvriendinne” (p. 271). Dat die algemene publiek groot deernis met mense in nood kan hê, kom duidelik na vore in die geval van bekende en gevierde mense, veral waar hierdie mense in diens van hulle medemens gestaan het. Daar is egter ook individue wat soos die meeste van ons alleen of in 'n intieme kring met hulle pyn worstel. By hulle skep 'n mens moed om te erken dat jy aan depressie ly en hulp nodig het, te erken dat jou man jou mishandel of om die vernederende prosedures te ondergaan wat met 'n klag van verkragting gepaard gaan. Die troos in die blootstelling van jou intiemste hartseer is dat jy mag ontdek dat jy nie die enigste een is wat met 'n spesifieke seer worstel nie. Dikwels kom ondersteuning uit onverwagte oorde, selfs van mense wat jy nog nooit ontmoet het nie. 'n Paar jaar ná die dood van 'n seun word 'n ma verras (p. 194):

'n Mens kyk terug en jy sien 'n skare. 'n SKARE!
Die hulle wat gehelp het.
Dis hulle wat daar was.

Vriende is “troostende waterkruike” (p. 112), maar dit is die Here wat hulle stuur. Dat God 'n mens se anker in die tyd van trauma is, blyk inderdaad uit die meeste verhale. Net soos die oorsake van pyn en lyding verskil, so beleef die verskillende vertellers dié sekerheid dat God hulle enigste hoop is, op verskillende maniere en elkeen loop 'n eiesoortige pad saam met God. Party het Hom van hulle jeug af geken en bly vashou aan sy genade en liefde, ander het Hom geken, maar op een of ander manier van Hom vervreem geraak, Hom selfs verwerp. Hulle pyn laat hulle weer besef hoe afhanklik hulle van Hom is. Party leer Hom nou eers ken.

In die gerypte retrospektiewe vertellings sien heelwat vertellers hoe God hulle voorberei het op die swaar wat op hulle gewag het. Hulle voel dat hulle nou sterker is en dat hulle geloof verdiep het. Party moes in die genesingsproses die belangrike ding leer om te vergeef, maar die merkwaardige is dat meer as een kan sê dat hulle nie wraak koester nie en probeer om hulle lewens met 'n positiewe gesindheid voort te sit, juis omdat hulle nou besef hoe kosbaar die lewe is. Hulle ontwikkel ook 'n sensitiwiteit – 'n “sagtheid” (p. 195) – vir ander mense se pyn en wy hulle daaraan toe om ander te ondersteun en van God se goedheid en sy verlossing in Jesus Christus te vertel.

Helena Olivier, die samesteller van hierdie tegniese en taalkundig goed versorgde bundel, het 'n aantal mense gevra om in hulle eie woorde 'n “ware verhaal van HOOP” te vertel, naamlik hoe hulle een of ander “krisis/trauma/pyn/verlies/terugslag/uitdaging” (p. 11) in hulle lewens te bowe gekom het. In enkele gevalle het Helena of iemand anders die verhaal neergeskryf. Die interessante verskeidenheid vertelstyle is 'n vergestaltung van die verskeidenheid belewenisse van die vertellers: van feitelike verslae tot poësie, van uitgebreide en gedetailleerde beskrywings tot saaklike mededelings in enkelvoudige sinne.

Ten slotte: Graham Cochrane is die man wat saam met ander mense op sy seiljag vermis geraak het. Die aangrypende van die Cochranes se geskiedenis is dat hulle emigrasie oorweeg het, maar uiteindelik besluit het om in Suid-Afrika te bly en uit dankbaarheid vir hulle geseënde lewe, hier 'n verskil te probeer maak. Hulle het die onderneming I CARE op die been gebring, 'n nieregeringsorganisasie wat aan straatkinders 'n toekoms wil bied.

Denise gaan voort met die werk van I CARE en die opbrengs van hierdie boek word aan die organisasie geskenk.

Conradie, Ernst. 2009. Uitverkoop? In gesprek oor ... die verbruikerskultuur.
Wellington: Lux Verbi.BM. 248 p. Prys: R119,95. ISBN: 978 07963 1047 7.

Resensent: A.J. Smith
Pretoria

Professor Ernst Conradie van die Universiteit van Wes-Kaapland wil met hierdie boek 'n gesprek oor een van die kwelvrae van ons tyd aanmoedig. Hy neem die onderwerp "die verbruikerskultuur" as die Afrikaanse vertaling van *consumerism* onder die loep en die gesprek begin alreeds by die titel. Die uitdrukking *consumerism* vertaal nie lekker nie, omdat dit eintlik in Engels drie betekenis het, naamlik die bevordering en beskerming van die regte en belange van verbruikers; in ekonomie, die benadering wat die volgehoue verhoging van die verbruik van goedere aanmoedig as die basis vir 'n gesonde ekonomie; en die (buitensporige) klem op, of die behepthed met die verkryging van verbruikersgoedere (in Nederlands ook genoem *consumentisme*). Dit is veral in laasgenoemde verband wat Conradie oor die verbruikerskultuur dink en skryf en hy het veral die weelderige lewenstyl van die Weste op die oog.

Sy boek is "... 'n Afrikaanse vertaling, kontekstualisering en vereenvoudiging van 'n tot nog toe ongepubliseerde oorsig oor dieselfde stof met die titel: *Christianity and consumerism: a survey of recent literature*". Hy wys ook daarop dat daar tans wêreldwyd oor hierdie onderwerp gedebatteer en gepubliseer word.

Die verbruikerskultuur word vanuit 'n aantal "invalshoeke" bespreek en telkens word verskillende beskouings oor die sake aangebied: "Die verbruikerskultuur is nie volhoubaar nie"; "Die verbruikerskultuur vererger ekonomiese ongelykhede"; "Welvarende het slagoffers van hulle eie begeertes geraak"; "Die verbruikerskultuur ondermyn deugde en kweek ondeugde"; "Die verbruikerskultuur bevorder kommersialisering en vervlakking van kultuur en godsdiens"; en "Die verbruikerskultuur kom neer op afgodery en kettery".

Telkens word die leser gelaat met die onuitgesproke vraag: "uitverkoop?" ("verraai?") of "uitverkoop?" ("is dit klaarpraat?").

Die verskillende stellings is ooglopend prikkend en behoort aanleiding te gee tot goeie, indringende, gesprekke en debatte mits dit telkens behoorlik van alle kante bekyk word, veral in die lig van die Bybel en gereformeerde Belydenisskrifte. Conradie haal 'n verskeidenheid bronne aan wat veral negatief en afwysend staan teenoor die verbruikerskultuur, maar stel daarteenoor ook kortliks sommige van die alternatiewe standpunte.

Alhoewel die skrywer eintlik, ten slotte, nie veel rigting aanbied vir die toekoms nie, aangesien hy duidelik 'n bewustheid wil skep en gesprekvoering wil aanmoedig, is die slotsom tog dat die saak dringend is en steeds dringender word. 'n Groter begrip vir die werklikhede sal moet lei tot houdingsveranderinge en ook gedragsverandering. Die voorspellings wat reeds in 1798 deur Thomas Malthus gemaak is ten opsigte van oorbevolking van die wêreld en die moontlike tekorte aan energie, grondstowwe en lewensruimte, word al hoe dreigender.

Die werk word aanbeveel vir lesers wat weer 'n slag oor ons lewenswyses en die moderne weelderigheidskultuur wil besin. Studiegroepe en Christen-sakemanne kan ook weer met vrug besin oor die teokratiese eise wat deur ons roeping as rentmeesters van die skepping gestel word soos dit in die Christelike samelewing gestalte moet kry.

Subscribe now ...

Teken nou in ...

To/Aan: REMSA / REBSA
Private Bag / Privaatsak X6001
POTCHEFSTROOM
2520
RSA

Date / Datum

I hereby wish to subscribe to WORD AND ACTION for one year./ Hiermee teken ek vir een jaar in op WOORD EN DAAD.

Please find cheque for enclosed.

Tjek ter waarde van ingesluit.

I made an electronic payment for R

Ek het elektronies die bedrag van R betaal.

ABSA Account number / Rekeningnommer: 6 7068 0320 REBSA

Branch code / Takkode: 335138

RSA: R80

Other/ander: \$45

Name / Naam: (Please print /

Drukskrif asb.)

Address / Adres:

.....

.....

Postal code / Poskode:

E-mail address / E-posadres:

Tel. / Cell nr. / Selno:

Signed / Geteken: _____

for yourself or for a friend

vir uself of vir 'n vriend